U.C.T.

# DIE ADMINISTRASIE VAN BRITS KAFFRARIA.

TESIS VIR M. A.- Graad.

C. B. de Villiers.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

# --: I N D E L I N G :--

# V A N  S T O F.


| | Pagina. |
|---|---|
| INLEIDING | 1. |
| DIE ANNEKSASIE VAN BRITS KAFFRARIA | 6. |
| DIE GRENSPOLITIEK EN REËLINGS VAN SIR PHILIP WODEHOUSE | 15. |
| DIE PLAASLIKE ADMINISTRASIE VAN BRITS KAFFRARIA: | |
| (a) Sir George Grey | 25. |
| (b) Die Blanke Magistrate | 26. |
| (c) Die Finansies | 33. |
| (d) Naturellebeskawing | 39. |
| (e) Handhawing van Wet en Orde | 43. |
| DIE MILITÊRE BESKERMING VAN DIE KAAPKOLONIE EN DIE VERWERPING VAN VERANTWOORDELIKE BESTUUR (1872) | 45. |
| SLOTSOM | 59. |
| BIBLIOGRAFIE | 64. |


University of Cape Town

# I N L E I D I N G.

Brits Kaffraria, geleë tussen die Kei en Keiskamma Riviere, het as 'n afsonderlike kolonie tot die jaar 1865 bestaan toe dit by die Kaapkolonie ingelyf was. Sir George Cathcart het in duidelike bewoording die beginsel van sy beleid ten opsigte van Brits Kaffraria in een van sy instruksies aan Kolonel Mcelean, die Britse gesagvoerder te King Williams Town, uiteengesit: "Militêre kontrole en nie kolonisasie nie is die beginsel van die beleid wat my beweeg het om die regering van Brits Kaffraria onafhanklik van die Kaapkolonie te maak".[1) ] Hierdie gebied was deur duisende naturelle omring en was nie groter as 'n gewone "Cape magisterial division" nie. Wat meer is die naturellebevolking van Brits Kaffraria het die blankes in 1865 met ongeveer 70,000 oortref en vir militêre beskerming was sy afhanklik van imperiale troepe wat in King Williams Town as hoofkwartier gestasioneer was.

Vir militêre kontrole het Sir George Grey maar min gevoel. Hy wou liewers die naturelle beskaaf en ten gunste van 'n beskawingsbeleid het die imperiale parlement jaarliks 'n toelaag van £40,000 gestem. Met so 'n toelaag tot sy beskikking kon Sir George Grey taamlik onafhanklik optree en hy het blanke magistrate aangestel; 'n groot hospitaal, waar die naturelle gratis verpleeg kon word, te King Williams Town gebou en ander openbare werke aangegaan om die naturel die nut van handearbeid te leer.

Hierdie toegewing moet as 'n uitsondering beskou word want uitgawes ten behoewe van die Britse kolonies of die verskuiwing van landsgrense, veral in Suid-Afrika, was nie die buitelandse beleid van die imperiale regering nie. Al wat die imperiale regering in Suid-Afrika verlang het was 'n vlootbasis en daarvoor was net Kaapstad, Natal, (St. Lucia-baai) en ander belangrike kusdele voor nodig. Dit was die uitgesproke wens van die imperiale regering om enige uitbreiding van Britse gesag

1) H.P. Steyn: Administrasie van Brits Kaffraria.

University of Cape Town

soveel moontlik teen te gaan. In November, 1846, het Graaf Grey die amptelike sienswyse van die imperiale regering aangekondig: "It must be superfluous for me to disavow on the part of Her Majesty's Government any wish to extend the dominion of the Crown in Southern Africa. Considered in themselves the acquisitions would not merely be worthless but pernicious; the source not of increased strength but of weakness enlarging the range of our responsibilities while yielding no additional resources for properly sustaining them." 1)

Toe Sir George Grey in Maart, 1859 ten gunste van 'n groot Suid-Afrikaanse statebond weens die gemeenskaplike naturellevraagstuk en om ekonomiese redes verklaar was dit te veel vir die imperiale regering wat 'n paar jaar tevore die Transvaalse (1852) en Vrystaatse (1854) gebiede prys gegee het. "Veg ons dan nie teen Rusland nie en tot watter nut is die Kaap vir ons; al wat ons daar wil hê is 'n vlootbasis." 2) Die uitbreiding van gebied onder die Britse Kroon moes teengegaan word. Dit was 'n "settled policy" en die imperiale beleid sou nie daarvan afwyk nie.

Die agitasie in die Britse kolonies vir groter administratiewe vryhede het saamgeval met die wens van die imperiale regering om haar seggingskap oor die binnelandse aangeleenthede en uitgawes ten behoewe van haar kolonies te verminder. Teenoor die standpunte van sulke politisi soos Cobden en Bright in Engeland, ten gunste van toesegging vir algehele selfregering en die onmiddellike staking van alle uitgawes ten behoewe van die kolonies kry ons die sienswyses van Russell en Graaf Grey, onder die invloed van Lord Durham se Rapport, wie meen dat die moederland nog 'n plig teenoor haar kolonies het. Hulle verklaar ten gunste van 'n gewysigde vorm van selfbestuur en die gevolg was 'n kompromie: alhoewel Kanada, Nu-Seeland, die verskillende kolonies in Australië en Suid-Afrika almal selfbestuur in 'n grotere of kleinere mate

1) Cana: South Africa from the Great Trek to the Union. bl.24.
2) Cana: South Africa from the Great Trek to the Union. bl.28.

University of Cape Town

na 1854 geniet het, het die imperiale regering nog troepemagte vir beskermingsdoeleindes in haar kolonies aangehou. Die salarisse van hierdie manskappe het grotendeels uit die imperiale skatkis gekom.

Hand in hand met die afsluiting van die Krim-oorlog en die onderdrukking van die Indiese Muitery kom die reaksie: 'n beleid wat gerig was op besuiniging. Die militêre en vlootuitgawes moes verminder word sodat die begrotings van Engeland kon klop maar as gevolg van onvoorsiene kriesisse en die algemene wêreldtoestand het die militêre en vlootuitgawes 'n groot item gebly en die surplusse opgeswelg. Engeland moes rekening hou met die algemene wêreldtoestande: 'ons kry die nasionale opkoms van Duitsland; die gebeurtenisse in die Itàliaanse state en 'n vrees vir Frankryk op die vasteland van Europa; die opkoms van Japan in die Ooste en die Amerikaanse Burgeroorlog (1861 - 1865) in die Weste wat gepaard gegaan het met 'n wêreldwye depressie. So 'n betreklik geringe voorval as die Abyseniese ekspediesie het Engeland nie minder as £9,000,000 gekos nie en na Sadowa moes sy gedurig in gereedheid wees want sy kon te eniger tyd in die Europese verwikkelinge gesleep word.' 1) Die Engelse volk het om 'n verligting van die belastingdruk geroep. Op een punt was daar algemene eenstemmigheid: die uitgawes van die moederland ten behoewe van die kolonies moes soveel moontlik vermy en verminder word.

Sir Philip Wodehouse het te midde van 'n besuinigingsbeleid Sir George Grey in Januarie, 1862 as die plaaslike goewerneur opgevolg. "Wodehouse took the place of Sir George Grey and was destined to rule the troubled affairs of South Africa through nine of its most difficult years, a tenure of office longer than that of any other governor since Lord Charles Somerset". 2)

Transvaal en Oranje Vrystaat was twee republieke en nie onder die gesag van die Britse Kroon nie. In beide die

---

1) de Kiewiet: British Colonial Policy and South African Republics. bl. 210.

2) de Kiewiet: bl. 199

University of Cape Town

republieke was die regeringsmasjieneries nog onstabiel. Een van die bure van die Vrystaat was Moshesh, die Basuto-opperhoof, en tussen hom en die Vrystaat was daar sedert die erkenning van die republiek nog nooit 'n toestand van absolute orde en vrede nie. Oorkant die Bashee-rivier was Kreli. Hy was die invloedrykste en mees vyandiggesinde Kafferopperhoof tussen die Kei en die grense van Natal. Sir George Grey het hom met sy aanhangers in die jaar 1858 met behulp van die Berede Grenspoliesie na Bomvanaland uit die Transkei verdryf juis omdat die Britse belange en veiligheid van die grensbewoners bedreig was deur die nabyheid van die Galekas onder Kreli aan die Oosgrens. Die Berede Grenspoliesie, ongeveer 150 in getalsterkte, was in die ontruimde onbesette gebied vir beskermingsdoeleindes gehou en die algemene verwagting was dat die regering die Transkei met blanke setlaars sou opvul. Kreli aan die ander kant het gehoop om weer na sy verlore gebied terug te keer. Tussen die Transkei en die Oostelike Provinsie was Brits Kaffraria met 'n naturellebevolking van ongeveer tienmaal soveel as die blankes en was vir militêre beskerming afhanklik van die imperiale troepe in King Williams Town. In die Kolonie, in die teenswoordige distrikte van Peddie en Victoria-Oos, was die Fingoes ontevrede omdat hulle grondgebied te beperk was om 'n goeie lewensbestaan te verseker. Die regering het telkens aan hulle belowe dat hulle groter gronde sou kry maar die beloftes was nog nie nagekom nie. Verder het droogtes die land in 1862 begin teister en boonop het die bewoners van Brits Kaffraria Wodehouse versoek om 'n wetgewende mag met 'n verteenwoordigende raad in die lewe te roep alhoewel die bevolking te klein en die gebied te beperk was om die laste daarvan te kan dra. Die posiesie van Wodehouse was dus besonder moeilik en hy het met groot moeilikhede te kampe gehad.

In verband met Brits Kaffraria was oktrooibriewe (letters patent) asook koninklike instruksies wat vir 'n goewerneur, 'n luitenant-goewerneur en 'n uitvoerende raad voorsiening gemaak het, in die jaar 1854 uitgereik. Van hierdie oktrooibriewe en instruksies het niks van gekom nie en

vier jaar later was die konstitusie vir die uitvoerende raad deur die toedoen van Sir George Grey gesuspendeer. Sir George Grey was so oortuig van die nadele wat sou voortvloei uit die ontstaan van Brits Kaffraria as 'n afsonderlike kolonie, dat die administratiewe uitgawes heeltemal bo die draagkrag van die bevolking sou wees en dat die latere inlywing daarvan by die Kaapkolonie net meer bemoeilik sou word dat hy met die publikasie van hierdie oktrooibriewe en koninklike instruksies gesloer het en liewers die landstreek as 'n afsonderlike kolonie in sy hoedanigheid as Hoë Kommissaris wou beheer.[9]

In 1859 het Sir George Grey op instruksies van die imperiale regering 'n wetgewende voorstel vir die anneksasie van Britse Kaffraria by die Kaapkolonie in die Kaapse wetgewende vergadering ingedien maar sy voorstel was verwerp. Die Sekretaris van Staat vir Kolonies het hom toe gelaat om die oktrooibriewe sowel as die koninklike instruksies van 1854 te publiseer. 'n Luitenant-goewerneur en 'n regeringsekretaris was genomineer en in 1861 was 'n hoofregter sowel as 'n prokureurgeneraal aangestel. Die uitvoerende masjienerie was met hierdie laaste aanstellings as 't ware volbring.

'n Jaar na Wodehouse se aankoms in die Kaap het die Sekretaris van Staat vir Kolonies hom verwittig dat hy 'n "close union" ten opsigte van die afskeidingsbeweging — d.i. die stryd tussen die Engelse in die Ooste en die Hollandssprekendes in die Weste — moes voorstaan met die oog op die latere inlywing van Brits Kaffraria by die Kaapkolonie. Hy moes verder stappe neem om die onbesette gebied waaruit Krcli met sy volgelinge verban was by Brits Kaffraria in te lyf.

[illegible] a good deal more than that; Port Elizabeth & Grahamstown versus Cape Town; problems of frontier defence; Faction; [illegible]

University of Cape Town

## DIE ANNEKSASIE VAN BRITS KAFFRARIA.

Brits Kaffraria het van die Kaapkolonie afgeskei gebly tot die jaar 1865. Daar was geen wetgewende vergadering of selfs 'n raad nie en die uitvoerende amptenare was deur die Britse Kroon aangestel. Sir George Grey het in 1859 probeer om hierdie gebied by die Kaapkolonie in te lyf maar die Kaapse parlement het sy wetgewende voorstel laat skipbreuk ly. Sir Philip Wodehouse het ook getrag om inlywing op vriendskaplike wyse te laat geskied maar toe sy wetgewende voorstelle telkens op mislukking uitgeloop het, het hy deur bemiddeling van 'n imperiale wet Brits Kaffraria by die Kaapkolonie ingelyf nieteenstaande die Kaapse parlement en die bewoners van die afsonderlike kolonie heftig teen sy handelwyse geprotesteer het.

Wodehouse moes pas na sy aankoms in Januarie, 1862 sy aandag aan die plaaslike aangeleenthede van Brits Kaffraria gee. Die land se inkomste was te gering om die uitgawes te dek en selfs met behulp van die verminderde imperiale toelaag van £10,000 kon die bestaande tekort nie uitgewis word nie. Brits Kaffraria daarenteen verklaar teen anneksasie en dring aan op die anneksasie van die onbesette gebied in die Transkei wat dan deur 'n blanke gemeenskap opgevul moes word. Die bewoners van Brits Kaffraria, egter, kon nie vir 'n doeltreffende verdedigingsmag vir beskerming daarvan betaal nie. Totnogtoe was die Berede Grenspoliesiebeamptes, wie vir hulle salarisse van die koloniale skatkis afhanklik was, verantwoordelik vir die verdediging van daardie onbesette gebied maar "(Wodehouse) could not assume that it would any longer do so if the land were once annexed to British Kaffraria".[1] Wodehouse het gesien dat hy onmoontlik die Transkeigebied met blanke boere en hulle gesinne kon opvul as hy nie die absolute sekerheid het dat hy in staat sou wees om hulle die nodige beskerming te verleen nie. Van die imperiale regering kon hy nie veel verwag nie want na 'n lang briefwisseling met

---

1) Votes and Proceedings of Parliament: A 2 — '63.

University of Cape Town

Newcastle het laasgenoemde met groot huiwering ingewillig om by die Lords of the Treasury vir tydelike hulp aan te klop. . . . . . you very reluctantly promised to apply to the Lords of the Treasury for a further grant of £10,000 for 1862 and for £5,000 for 1863. [1] Toe Wodehouse op hoogte gekom het met hierdie toestand van sake het hy aan die imperiale regering geskryf dat sy posiesie nog hagliker is as wat hy vermoed het. In die Kaapkolonie het hy te doen gehad met die afskeidingsbeweging — die Engelssprekendes in die Ooste teen die Hollandssprekendes in die Weste. Brits Kaffraria se eise was bo hulle draagkrag terwyl die imperiale regering besig was om 'n besuinigingsbeleid in 'n geskerpter vorm teenoor haar kolonies uit te voer in 'n tydperk toe die ekonomiese toestande van die land ongunstig begin word het.

Die openingsrede van Wodehouse op 24 April, 1862 het groot opspraak verwek. By hierdie geleentheid verklaar hy o.a. teen Federasie, parlementêre sessie om die beurt in Kaap- en Grahamstad-, en ten gunste van die anneksasie van Brits Kaffraria by die Kaapkolonie. Nie alleen was die parlementslede besonder verontwaardig oor hierdie aankondiging nie maar so'n beleid was regstreeks in stryd met die wense van die bewoners van Brits Kaffraria. Hulle inteendeel verlang 'n afsonderlike kolonie. Hulle wou die opvulling van die onbesette gebied in die Transkei en die anneksasie daarvan by hulle kolonie. Die verskuiwing van hulle landsgrense met 'n vergrote bevolking daarop sou 'n vermeerderde landsinkomste besorg. Die landsinkomste sou dan genoeg wees om 'n doeltreffende regeringsmasjienerie en 'n verteenwoordigende raad te onderhou. Sir Philip Wodehouse lê as gevolg 'n persoonlike reis af na King Williams Town en op 'n publieke vergadering wys hy die toehoorders daarop dat die salarisse van die siviele amptenare te gering was om 'n doeltreffende siviele diens te besorg; dat die aantal siviele amptenare heeltemal buite verhouding was met die grootte van die inkomstes; dat daar geen fondse is om openbare werke aan te gaan nie selfs nie geld om

---

1) Votes and Proceedings of Parliament: A 2 - '63.

University of Cape Town

paaie in die Transkei in 'n behoorlike toestand vir die verplasing van troepe te hou nie; dat hulle geen parlement het nie en dat die regswese in die hande van een regter is teen wie se uitspraak daar geen appèl aangeteken kan word nie as behalwe na die byna onmoontlike appèlhof, die regterlike komitee van die Geheime Raad. Anneksasie by die Kaapkolonie is die enigste redmiddel veral daar die imperiale subsiedies verminder is en eertyds gestaak sal word.

Op 30 Mei, 1862 is 'n wetsontwerp deur die toenmalige koloniale sekretaris in die wetgewende vergadering ingediem wat voorsiening gemaak het vir die inlywing van Brits Kaffraria by die Kaapkolonie. Die ledetal van die wetgewende raad moes tot 18 vermeerder word d.i. 9 lede vir die Oostelike en Westelike distrikte onderskeidelik wie vir 'n tydperk van 5 jaar gekies moes word.

Die lede van die wetgewende vergadering moes met 10 vermeerder word, d.i. vier vir die Westelike en ses vir die Oostelike distrikte en Brits Kaffraria sou van die ses deur vier verteenwoordig word. Terselfdertyd was die lede verwittig dat die imperiale regering, die Kaapse parlement asook Brits Kaffraria hulle toestemming moes gee alvorens die wetsontwerp wet kon word.

Hierdie wetgewende voorstel is baie aanneemlik vir die Oostelike provinsie want dit belowe gelyke verteenwoordiging met die Westelike provinsie in albei die Huise van die parlement. Die lede van die Oostelike provinsie is dan ook ten gunste daarvan maar die lede van die Westelike provinsie sou nie toesien dat die bestaande ewewig van die partye ten koste van hulle gewysig sou word nie. Die wetsontwerp is deur hulle as 'n 'rewolusionêre voorstel' bestempel en by die tweede lesing daarvan is dit met 19 teen 14 stemme verwerp.

Toe Wodehouse sy wetsontwerp sien skipbreuk ly het hy op 'n ander manier probeer om 'n uitweg te soek. Op 17 Julie, 1862 beveel hy in 'n brief aan Newcastle die volgende aan: twee plaaslike regerings vir die oostelike en westelike distrikte onderskeidelik en elk moes uit 'n wetgewende mag van een Huis

University of Cape Town

bestaan; 'n sentrale regering wat ook uit een Huis bestaan, en wat wetgewing moes passeer waar univormiteit noodsaaklik was. Verder maak Wodehouse bekend dat hy teen die beginsel van verantwoordelike bestuur is en verlang dat die departementele hoofde deur die Britse Kroon aangestel moet word. Onder so'n stelsel beveel hy aan die anneksasie van Brits Kaffraria by die Oostelike provinsie.

Die aanbevelings het egter nie in die smaak van die imperiale regering geval nie. In 'n brief van 5 November, 1862 sit Newcastle die hoofbeginsels uiteen wat Wodehouse moes nastreef en handhaaf. " . . . . . Sy Majesteits se Regering beskou dit nog steeds as 'n saak van die allergrootste belang dat die eenheid van hierdie kolonie onder 'n sentrale regering gehandhaaf moes word. Volgens die oordeel van die imperiale regering is die welvarendheid van die koloniste, die veiligheid ten opsigte van hulle verhouding met die naturellestamme en hulle mag vir selfverdediging tot 'n baie groot mate daarvan afhanklik. Presies vir dieselfde redes is dit noodsaaklik dat Brits Kaffraria by die Kaapkolonie ingelyf moet word daar daardie gebied 'n natuurlike eenheid daarmee vorm 'being resolved in any case that the expenses of the government should cease to form a burden in any degree upon imperial funds' ".[1] Verder verklaar Newcastle teen die afskaffing van die wetgewende raad. Newcastle gee egter die Nu-Seelandse stelsel m.a.w. die invoering van Provinsiale Rade onder voorsitterskap van superintendente vir oorweging aan die hand. Wodehouse het met die ontvangs van hierdie berig die idee van afskeiding vir goed laat vaar.

Wodehouse het nou onderhandelings met die Sekretaris van Staat vir Kolonies aangeknoop vir die anneksasie van die onbewoonde gebied in die Transkei en die opvulling daarvan deur 'n blanke gemeenskap. Die perderuiter-afdeling, die Cape Mounted Rifles, wou hy stelselmatig deur 'n nuwe organisasie die sg. Kaffrarian Irregular Horse vervang en volgens sy berekening

---

1) Votes and Proceedings of Parliament: A 2 — '63.

University of Cape Town

sou hy die imperiale regering onmiddellik 'n groot besparing kon besorg. Nadat die nuwe organisasie op die been gebring is sou hy voortgaan met die anneksasie van die Transkei en uitdeling van plase, onder sekere voorwaardes, aan blanke persone. Die nuwe gemeenskap sou die grond bewerk, die handel van die land uitbrei en 'n vermeerderde landsinkomste besorg.

Die voorstelle van Wodehouse is in beginsel deur Cardwell ondersteun en die onderhandelings het net die eindstadium bereik toe daar iets gebeur wat die imperiale regering beweeg het om van opienie te verander. 'n Paniek het op die Oos-grens ontstaan as gevolg van gerugte dat Kreli in Bomvanaland voorbereidings tref om die Berede Grenspoliesie aan te val. Hy wou al die verlore grondgebied van sy vader, Hintsa, terug hê. Die paniek op die Oosgrens het die imperiale regering onder die besef gebring dat die verskuiwing van die Oosgrens tot die Bashee rivier moontlik tot vermeerderde militêre uitgawes sou lei en uit vrees vir soiets moes Wodehouse die vae Britse gesag oor die Transkei ophef. Die Kei moes voortaan as die grens beskou word en die "Kaffrarian Irregular Horse' as beskermingsmag sou dus nie meer nodig wees nie. Toe Wodehouse die berig ontvang het, het hy in sy volgende brief aan Cardwell geskryf " . . . . . that the abandonment of the Transkei territory should not stand alone as an instance of change in policy but that the two colonies should now be united."[1] Die Transkei-gebied is prys gegee en die hoop om deur terrotoriale uitbreiding die landsinkomste van Brits Kaffraria aan te vul is verydel. Die Kaapkolonie weier beslis om haar susterkolonie in te lyf; Brits Kaffraria se versoek is dat hy as 'n afsonderlike kolonie moet bly voortbestaan en dat 'n eie parlement die land moet beheer.

"Die groot struikelblok in die weg tot die anneksasie van Brits Kaffraria by die Kaapkolonie" skryf Wodehouse aan Cardwell "is te wyte aan die vae vermoedens van die Kaapse parlementslede dat hulle vir die administratiewe uitgawes sowel

---

1) Votes and Proceedings of House of Assembly: G 32 — '65.

as die militêre verdediging van daardie gebied, wat volgens hulle oordeel geen grense het nie, aanspreeklik gehou sal word. Hulle beweer dat Brits Kaffraria 'n Kroonkolonie is wat tot stand gebring is en tans beheer word deur Sy Majesteits se Regering en assulks mag dit nooit deur die imperiale regering in die steek gelaat word nie maar moet teen elke prys uit impeeriale bronne in stand gehou word. . . . . Die bewoners van Brits Kaffraria is teen inlywing gekant en wil administratief van die Kaapkolonie afgeskei bly op grond van hulle 'alleged right' dat hulle in besit is van oktrooibriewe (letters patent) wat daardie reg aan hulle toestaan." 1)

In September, 1864 het Wodehouse weer na King Williams Town afgereis. By sy aankoms het 'n deputasie sy opwagting by hom gemaak en hom versoek om 'n wetgewende raad in die lewe te roep. Hy het hulle daarop gewys dat as gevolg van die tekorte in die landsinkomste wat in die verlede deur toelae van die imperiale regering aangesuiwer was, hulle eise bo hulle draagkrag was. In hierdie verband het daar 'n minderheids-party onder leiding van Gordon Sprigg ontstaan. Hulle is oortuig daarvan dat Brits Kaffraria nie in die geleentheid is om behoorlike salarisse aan die siviele amptenare te betaal nie; dat daar geen fondse is om openbare werke te bou nie, dat die Kaapkolonie en Brits Kaffraria 'n natuurlike eenheid is met gemeenskaplike probleme. Hulle trek gevolglik 'n versoekskrif op wat deur 145 persone onderteken was waarin hulle ten gunste van inlywing by die Kaapkolonie verklaar.

Wodehouse het nou tot die gevolgtrekking gekom dat die enigste uitweg sou wees om imperiale hulp in te roep. Albei die kolonies keur anneksasie af want hulle verlang dat die imperiale regering nog maar moet aanhou om vir die militêre beskerming van Brits Kaffraria te sorg, en hy meen "that all difficulties will be overcome by the action of the imperial parliament and that if an act be passed for the junction of the two colonies the agitation in British Kaffraria will come to an

---

1) Votes and Proceedings of House of Assembly: G 32 — '65.

University of Cape Town

end and the Cape Parliament will apply itself at once to regulating the terms on which the new territory should be admitted into the representation." 1) Die Kaapse parlement het besluit om 'n sensus van die bevolking te neem met die oog op die hersiening van verteenwoordiging en herverdeling van kiesafdelings en volgens Wodehouse moes nou definitiewe stappe vir inlywing gedoen word. Cardwell het met Wodehouse ingestem en in Desember, 1864 het Wodehouse sy aanbevelings vir goedkeuring aan die imperiale regering gestuur. Cardwell het egter die hoop uitgespreek dat wedersydse toestemming verkry sou word alhoewel dit nie noodsaaklik sou wees nie want Brits Kaffraria is in die oë van Sy Majesteits se Regering in werklikheid 'n onderdeel van die Kaapkolonie, die natuurlike toestande is dieselfde en die belastings en wette van die Kaapse parlement behoort ook in Brits Kaffraria van krag te wees. "The imperial government moreover which maintains so large a force for the defence of the South African possessions of the Crown has a fair right to insist on an arrangement being terminated, which renders the defence of the Cape Colony dependent on that of a small territory interspersed between the Cape Colony and the principal kafir tribes. It appears therefore desirable that the division between the two colonies should no longer exist . . . . . . The imperial legislature alone is competent to give effect to that decision and it is not the intention of Her Majesty's Government to leave the question open to protracted and indefinite delay. The Act of Parliament will therefore contain provisions which will render the annexation practicable even though the Cape Legislature should fail to make in the ensuing session the requisite provisions in detail." 2) Die British Kaffrarian Act of 1865 het dan aan die plaaslike goewerneur die mag verleen om anneksasie tot stand te bring indien die Kaapse parlement nie op eie inisiatief daardie stap wil doen nie.

---

1) Votes and Proceedings of House of Assembly: G.32 — '65.
2) Votes and Proceedings of House of Assembly: G 32 — '65.

University of Cape Town

Op 16 Mei, 1865 is die anneksasie wetsontwerp in die wetgewende vergadering ingediem en terselfdertyd nog 'n tweede een wat vir die vermeerdering van die ledetal voorsiening gemaak het. Die Konstitusionele Ordonnansie wat voorsiening gemaak het vir twee meer lede in die wetgewende vergadering en een lid in die wetgewende raad vir die westelike distrikte moes gehandhaaf word want Wodehouse sou nie toelaat dat die ewewig tussen die partye in die parlement versteur word nie. 'n Gekose komitee was aangestel om die twee wetsontwerpe in een saam te vat.

'n Hewige stryd tussen die Oostelike en Westelike Provinsie lede het by die vereniging van die twee wetsontwerpe ontbrand. Die lede van die Oostelike distrikte wou die een onafhanklik van die ander passeer waardeur hulle, soos hulle gemeen het, vier addisionele stemme sou kry. Die wetsontwerp wat die ewewig tussen die partye sou bestendig het moes verwerp word. Die pogings van die lede van die Oostelike distrikte het op mislukking uitgeloop en op 15 September, 1865 is die gesamentlike wetsontwerp in beide Huise van die parlement passeer.

Brits Kaffraria het deur middel van 'n klagskrif, die lede van die parlement het deur middel van 'n mosie hulle ontevredenheid te kenne gegee. In die klagskrif van 16 Mei, 1865 herhaal 776 ondertekenaars hulle begeerte wat al so dikwels in die verlede uitgespreek is om van die Kaapkolonie afgeskei te bly want 'inlywing is regstreeks teenstrydig met die belange van hulle kolonie en bots met die wense van die oorgrote meerderheid van die bewoners daarvan'.[2] Mnr. Solomon het in die parlement protes aangeteken teen die hooghartige handelwyse van die imperiale parlement deur 'n wetsontwerp, wat vir inlywing voorsiening maak, te passeer en wat nou as 'n dwangmaatreël bo die koppe van die parlementslede gehou word. 'n Sterk voorstel is "teen die onkonstitusionele en onbillike daad as gevolg van die willekeurige inmenging aan die kant van die imperiale regering."[1] ingedien en sonder verdeling in die

---

1) Votes and Proceedings: 1865. 2) Votes and Proceedings: A20-'65

University of Cape Town

wetgewende vergadering aangeneem. Verder 'omdat die plaaslike goewerneur so vyandig gesind is teenoor die verteenwoordigende instelling van die land, omdat hy nie die plaaslike belange in ag neem nie en omdat hy die publieke gevoelens minag het hy al lank die vertroue van die volk sowel as die van die lede van die parlement verbeur'.[1] Maar Wodehouse het voet by stuk gehou want in die geval van Brits Kaffraria " . . . . . . it had long become manifest to me that a serious political error had been committed when it was created into a separate colony and that sound policy dictated a reversal of that act."[2] Op 17 April, 1866 is die British Kaffrarian Act deur die imperiale regering bekragtig.

Voortaan sou Brits Kaffraria in twee kiesafdelings verdeel word. Die kiesafdelings sou elk deur twee lede in die wetgewende vergadering van die Kaapse parlement verteenwoordig word. Die ledetal van die wetgewende vergadering is met twintig vermeerder word want behalwe die twee kiesafdelings in Brits Kaffraria het die volgende kiesafdelings: Aliwal-Noord, Namakwaland, Oudtshoorn, Piketberg, Richmond, Riversdal, Victoria-Wes en Queenstown elk twee setels verkry.

Brits Kaffraria sou voortaan 'n integrale deel van die Oostelike Provinsie uitmaak wat die verkiesing van lede vir die Wetgewende Raad betref. Die ledetal was met ses vermeerder: drie vir die Oostelike en Westelike Distrikte onderskeidelik.

Die Hooggeregshof van Brits Kaffraria was afgeskaf en voortaan het dit onder die jurisdiksie van die Hooggeregshof van die Kaap die Goeie Hoop geval. Die plek van die Hooggeregshof van Brits Kaffraria was deur die Rondgaande Hof van die Oostelike Distrikte ingeneem.

Alle advokate en prokureurs wat in Brits Kaffraria gepraktiseer het was in die Kaapkolonie erken en was dus geregtig om daar te praktiseer.

Die eiendomsregistrasiekantoor het onveranderd gebly voortbestaan.

---

1) Votes and Proceedings of Parliament: C 1 — '67.
2) Govt. House. Enclosure to Despatch No. 102, 1865.

University of Cape Town

Alle amptenare wat hulle betrekkings moes neerlê uitsluitend as gevolg van inlywing was vergoed en ten slotte was al die laste en bate van Brits Kaffraria op die rekening van die skatkis van die Kaapkolonie geplaas.

........................

## DIE GRENSPOLITIEK EN REËLINGS VAN SIR PHILIP WODEHOUSE.

Die begeerte om die Transkei-gebied op te vul het alreeds by Sir George Grey ontstaan. Hy was ten gunste van anneksasie en kolonisasie van die Transkei; die verbanning van Kreli uit die kandstreek tussen die Bashee en Umtata riviere en die verskuiwing van die stam van Adam Kok binne die grense van Kafferland. Hierdie voorstelle van Grey was deur die imperiale regering goedgekeur ". . . . . . and must be carried out; but all tend undeniably to the diminution of the territory available for tribes inhabiting Kafirland and require therefore very careful management. . . . . . . and I have no desire to press these arrangements." [1)]

Hierdie onbesette landstreek was 'n bron van groot gevaar vir die vrede van die land. Kreli was in 1858 met sy volgelinge daaruit gedryf maar hy het nog nooit van sy verlore grond afgesien nie. Blanke koloniste ~~sowel as~~ en koloniale Fingoes wie se grondgebied te beperk was om 'n goeie lewensbestaan te maak was grond in die onbesette Transkei belowe maar die beloftes kon nie uitgevoer word nie omdat " . . . . while the valuable tract beyond the Kei remained the property of neither colony the Cape might be content to employ its armed police for defensive occupation, but if it were once annexed to British Kaffraria I could no longer reckon on the continuance of

---

1) Votes and Proceedings of House of Assembly: G 32 — '65. Wodehouse aan Newcastle.

University of Cape Town

that arrangement. And I further stated that British Kaffraria was wholly unable to provide a defensive force as a substitute for the Cape Armed Police and I could not venture to allot the territory beyond the Kei to the many persons who are desirous of obtaining farms." 1) Die opvulling van die onbewoonde Transkei sou volgens Wodehouse die hoop van Kreli om tot sy verlore gebied terug te keer verydel.

Wodehouse het aan Newcastle geskryf dat die kawalrie-afdeling, die Cape Mounted Rifles nie alleen duur maar ook ondoeltreffend is. Die aantal offisiere is buite verhouding in vergelyking met die aantal manskappe; elke jaar moes perde, voedselware, ammuniesie en uitrustings gekoop word. Die Cape Mounted Rifles is minstens 100 myl ver van die grens en die verplasing daarvan kos groot somme geld. Dit is 'n duur mag en uitgawes in verband daarmee is onnodig hoog. Daar kan 'n veel goedkoper en doeltreffender organisasie in die lewe geroep word deur drie afdelings van 100 man elk, wat £33,000 elke jaar kos om te onderhou, af te dank en hulle met 150 man die sg. Irregular Horse te vervang. Elke man moet 'n jaarlikse salaris van £120 betaal word. Elke man moet sy eie perd aanskaf, en hom van alle benodighede voorsien. Die nuwe organisasie sou £18,000 in plaas van £33,000 kos. Met so'n beskermingsmag tot sy beskikking wou Wodehouse voortgaan met die opvulling van die Transkei. Die imperiale regering het alreeds besluit om twee afdelings van 100 man elk van die Cape Mounted Rifles af te dank en die voorstel van Wodehouse kom dus in werklikheid neer op 'n vermeerdering van militere uitgawes met £7,000 "which I need scarcely say could not be agreed to." 2)

In Junie, 1863 het Wodehouse aan Newcastle geskryf dat hy onmiddellik 'n groot besparing en nog 'n groter besparing in die toekoms op die militere uitgawes kon aanbring en terselfdertyd "to establish a strong permanent system of

---

1) Votes and Proceedings of House of Assembly: G 32 — '65.
2) Newcastle aan Wodehouse Votes and Proceedings: 5 April,'62.

University of Cape Town

frontier defence to promote the peacable settlement and civilization of native tribes."[1] Elke jaar word £80,000 tot ondersteuning van die lompe Cape Mounted Rifles spandeer. 'n Verdedigingsmag van 400 man teen £120 per man sou slegs £48,000 per jaar kos. Die nuwe verdedigingsmag, die Kaffrarian Irregular Horse sou op dieselfde grondslag as die Berede Grenspoliesie — 'n bekwame organisasie met 'n welverdiende reputasie — georganiseer word. Die opvulling van die Transkei kon onder die beskerming van so 'n mag met veiligheid geskied em onder sulke voorwaardes dat 'n blywende inkomste daardeur verseker word. Na vyf jaar kan die toelaag van £48,000 met £5,000 verminder word en hy beloof verder dat die toelaag nog meer verminder kan word met verloop van tyd.

Die inkomste van die land kan vermeerder word deur die betaling van erfpagte. Elke eienaar moet benewens 'n erfpag van £20 tot £25 ook nog vir die opmetingskoste sowel as vir die herereg van sy grond betaal. Twee blanke weerbare manne, wat op eie koste van wapens voorsien moet wees, moet gedurig op die plaas bly en hulle teenwoordigheid by periodieke wapenskouings en driloefeninge is verpligtend. Die verhuising van blankes moet vergesel gaan van vriendskaplik gesinde naturelle uit die kolonie wat daar as plaasvolk gebruik kan word. Die nuwe gemeenskap sal in hulle beoefening van die landbou die in- en uitvoer bevorder; die handel sal uitbrei en die land se inkomste sal styg. Op sekuriteit van hierdie vaste en vergrote inkomste wil Wodehouse 'n lening sluit om die onkostes van verkeersweë na die nuwe gebied en die boukostes van kantore te dek. Newcastle het die voorstelle ondersteun maar hy hoop egter dat geen lening absoluut noodsaaklik sal wees nie. Hy wil liewers dat Wodehouse die invoertariewe van Brits Kaffraria moet verlaag "afgesien van hoe die Kaapkolonie daardeur geaffekteer word. Solank as Brits Kaffraria van die Kaapkolonie afgeskei bly moet alle wettige middels aangewend word om Brits Kaffraria met sy vergrote grondgebied selfonderhoudend te maak want u is bewus van die feit dat die imperiale regering vas beslote is om nie weer by die imperiale parlement

---

1) Votes and Proceedings: G 32 — '65.

University of Cape Town

geld vir sy onderhoudskoste te vra nie".[1] Wodehouse was nie geneë om die invoertariewe van een van twee kolonies waarvan hy die goewerneur was ten koste van die ander te verlaag nie.

In Januarie, 1864 het die imperiale regering die voorstelle van Wodehouse goedgekeur op voorwaarde dat sy plan in die geheel uitgevoer word beide wat die vermindering van militêre uitgawes en die opvulling van die Transkei met behoorlik gewapende en weerbare manne betref. Earl (de) Grey, die Sekretaris van Staat vir Oorlog, het egter verlang dat die vervanging van die Cape Mounted Rifles deur die Kaffrarian Irregular Horse trapsgewyse moes geskied en Wodehouse het sy oorspronklike voorstel ten dien einde gewysig. In plaas van 400 man sal slegs 200 die helfte van die Cape Mounted Rifles vervang en die toelaag van £48,000 sal ook tot £24,000 afgebring word. By 'n later geleentheid sal die 200 man asook die toelaag van £24,000 per jaar verdubbel word en die Cape Mounted Rifles sal dan terselfdertyd ophou om te bestaan.

Dit was net op hierdie stadium dat Currie, die Kommandant van die Berede Grenspoliesie, op versterkings aangedring het. Kreli het weer rusteloos geword. Sy verstrooide aanhangers het gedurende die laaste drie jaar tot hom terug gekeer. Moshesh, die Basuto-opperhoof, het Kreli in die geheim van buskruit voorsien. Sy grondgebied in Bomvanaland het met die toename in getalsterkte te klein geword om sy onderdane 'n goeie lewensbestaan te verseker. Kreli se mag het baie toegeneem en indien hy 'n aanval maak op die Berede Poliesie in die Transkei om sy verlore grondgebied terug te kry sal die afvallige Fingoes hom steun. Currie meen dat geen tyd verspil moet word om versterkings aan te stuur nie omdat die Kolonie onmiddellik in 'n staat van verdediging gebring moet word. Chalmers, die magistraat te Indutywa, bestempel die oorlogsgerugte as vals en meen dat die toestande gerusstellend is. Tog het Wodehouse bevele gegee dat die troepe in gereedheid gebring moet word.

---

1) Votes and Proceedings: July,1863: G 32 — '65.

University of Cape Town

Sir Percy Douglas, die opperbevelhebber van die troepemagte in Suid-Afrika, het met die uitbreek van die paniek op die Oosgrens aan Cardwell geskryf dat hy oortuig is dat enige uitbreiding van grense na die Oostekant van die Kei sal die versending van troepe daarheen beteken. Die bestaande troepemagte is nie sterk genoeg om enige verskuiwing van landspale deur militêre besetting te gedoog nie. Hy kritiseer nie so'n beleid van uitbreiding van grense nie maar as die onlangse gebeurtenis in aanmerking geneem word dan sal so 'n beleid tot groot vermeerdering van militêre uitgawes lei. Hy gee aan die hand dat alvorens werklik oorgegaan word met die opvulling van die landstreek tussen die Kei en Bashee riviere dit baie verstandig van die imperiale regering sal wees om die moontlike uitgawes van so'n stap in oorweging te neem. Cardwell het sonder versuim aan Wodehouse geskryf "that you are clearly to understand that the paramount object of Her Majesty's Government is not to obtain an extension of territory but only to secure that frontier which is most likely to be tranquil and would in case of disturbance be most easily defended. The Kei must be regarded as the boundary and it would therefore be unnecessary to establish a new police force for the government of the Transkeien district."[1)]

University of Cape Town

Wodehouse het nie op instruksies van die imperiale regering gewag nie. In die begin van Augustus, 1864, het hy Currie na Kreli gestuur om hom te verwittig dat die goewerneur weer gewillig is om hom in sy vertroue te herstel. Hy kon 'n deel van sy vroeëre grondgebied terug kry. Sy grondgebied in Bomvanaland was te beperk en "all who are best acquainted with the subject are convinced that by compelling Kreli to remain where he is, we must ultimately and at no distant date be involved in a general war, caused by an attempt on his part to recover his lost possessions."[2)] Aan Kreli is 'n jaarlikse toelaag van £100 verseker op voorwaarde dat hy niks sou doen

---

1) Votes and Proceedings of House of Assembly: G 32 — '65.

2) Votes and Proceedings of Parliament: 1873, p.173.

om die goeie gesindheid te verbeur nie. Kreli het onmiddellik van die aanbod gebruik gemaak en gedurende die maande September en Oktober, 1864 het hy en aanhangers die kusdeel tussen die Bashee en die Kei riviere d.i. Galekaland beset (sien kaart). Die grense van die grond van Kreli was baie noukeurig vasgestel sodat sy grondgebied buite die grense van Britse besettings geval het.

Wodehouse het tweedens die Tamboekies in die Glen Grey distrik genader. Die koloniale Tembus was geskei van hulle onafhanklike rasgenote onder Gangelizwa deur 'n groot stuk grond (sien kaart). Wodehouse wou die Tembus versterk deur die verskillende seksies weer bymekaar te bring sodat hulle as 'n teenwig teen die mag van Kreli kon opweeg. Die onderhandelings met die Tembu-hoofde het lank gesloer. Hulle kon vrugbaarder grond oorkant die Indwe Rivier kry; die hoofde sou hulle toelae behou en hulle agent sou saam met hulle gaan, en tog het daar nie 'n algemene verskuiwing plaasgevind nie. Slegs sekere seksies het die voorstelle aangeneem en verhuis maar die res het in die Glen Grey Distrik gebly woon, in weerwil van die feit dat Wodehouse selfs die koloniale Tamboekies met die toepassing van koloniale wette gedreig het.

Wodehouse het toe die Gaikas in Brits Kaffraria genader. Charles Brownlee, die Gaika Kommissaris, het op 'n vergadering aan die hoofmanne Sandieli, Anto, Aba en hulle volgelinge verduidelik dat hulle volkome onafhanklikheid in die Transkei sou wees. Dat die koloniale wette daar nie op hulle toegepas sou word nie en dat hulle in ruil vir hulle grond in Brits Kaffraria 'n veel groter en vrugbaarder land sou kry. Almal die hoofmanne sou hulle toelae behou. Hulle het egter beslis geweier om te verhuis "omdat hulle die voordele wat hulle in vrede onder die Britse regering geniet, erken en op prys stel, en geensins begeer om weer onder die gesag en onbeteuelde tug van hulle eie hoofde te staan te kom nie." 1)

Ten slotte was die belofte aan die Fingoes in die Kaapkolonie, om groter grondgebied aan hulle af te staan,

---

1) Government House: Desp. to Sec. of State: No. 99 of [illegible]

University of Cape Town

uitgevoer. Hulle posiesie in die Kolonie was haglik. Die oorspronklike lokasies was te beperk om die Fingoes te onderhou. Telkens het hulle die regering om groter grond versoek en omdat die regering die saak solank vertraag het, het daar 'n algemene gevoel van skerpe ontevredenheid bestaan onder die Fingoes in Peddie en Victoria-Oos distrikte. Zazelo 'n invloedryke Fingoe-hoofman het aan die Siviele Kommissaris van Fort Beaufort as enigste klagte opgenoem dat sy weiveld te klein is; dat sy beeste maer is omdat daar nie gras is om te vreet nie "and I wish you to tell the governor that my land is not large enough for my own men and my people's cattle".[1] Die voorstelle van Wodehouse was met gretigheid deur die Fingoes aangeneem. Met die versekering dat hulle beskerm sal word solank hulle gedrag jeens die regering dit regverdig het meer as 40,000 Fingoes nog voor die einde van 1865 'n nuwe tuiste in die Transkei tussen die Tembus en Galekas gevind. (Sien kaart).

Die Tembus se mag was versterk deur dat Wodehouse die verskillende Tembu-clans soveel as moontlik bymekaar gebring het en die oorheersende magsposiesie van Kreli "the most influential and preservingly hostile Kafir chief" was daardeur aansienlik verminder. "Die Tembus het nog nooit enige simpatie met die Galekas gehad nie,"[2] en gevolglik hoef daar nie gevrees te word vir 'n aggressiewe verband tussen hulle en die vyandig gesinde Galekas nie. Aan die ander kant het Currie, wie die verplasing van die Fingoes gereël het, aan die koloniale sekretaris geskryf dat "die verskuiwing van die Fingoes na die Transkei 'n volkome sukses is. Onder die omstandighede is hierdie beleid die beste wat die goewerneur kon gevolg het vir die toekomstige vrede van die land en veiligheid van die grens. Die Fingoes het nou 'n eie land in die weegskaal en die enigste hoop om dit te behou is om die vriende van die blanke ras te bly. In getalsterkte staan hulle gelyk aan Kreli en Sandieli tesame maar hulle is 'n versameling van oorskotstamme en die

---

1) Votes and Proceedings: A 48 — '65.
2) Govt. House: Desp. No. 99 of 1865.

University of Cape Town

aanstelling van 'n amptenaar om hulle onderlinge geskille op te los is noodsaaklik. Hierdie gebrek aan 'n organisasie is juis die waarborg vir hul vriendskap en lojaliteit. Hulle weet dat sodra hulle ons vertroue verbeur hulle hul land sal moet prys gee want Kreli en Sandieli sal ongetwyfeld sonder genade op hul afstorm "upon any false step they make."[1] Wodehouse het die hoop uitgespreek dat deur die onbesette gebied op so'n wyse met naturellestamme op te vul dat "sufficient precautions have been taken against any future coalition of native tribes in opposition to the British power."[2]

Die Transkei gebied was dus in die jaar 1865 deur Tamboekies, Fingoes en Galekas opgevul. Die naturelle in hulle nuwe tuiste was volkome onafhanklik. Hulle het geen belastings meer aan die Kaapse regering betaal nie. Voortaan sou hulle deur hulle eie hoofde volgens hulle eie gewoontes en gebruike "in so far as not repugnant to the feelings of humanity" regeer word.[3] Selfs wanneer naturelle van die Transkei in die Kolonie gesteel het moes volgens die mening van J.C. Warner, hulle in ooreenstemming met die gewoonte van die kaffer gestraf word. Die misdadiger moes 'n boete sowel as 'n vergoeding betaal en die hoofde moes in sulke gevalle verantwoordelik gehou word "because if the Frontier Armed Mounted Police are allowed to enter the Transkei . . . . on their own responsibility to apprehend thieves it might endanger the public peace".[4]

Die naturelle oorkant die Kei rivier was egter nie heeltemal aan hulself oorgelaat nie. Die Fingoes sou nog steeds as Britse onderdane beskou en behandel word. Hulle was verseker dat hulle beskerm sou word solank hulle gedrag jeens die regering dit regverdig. By elkeen van die verskillende stamme was Britse agente aangestel. E.G. Warner, Kaptein Cobbe en W. Fynn was onderskeidelik die agente van die Tamboekies, Fingoes en Galekas. Hulle moes die naturellehoofmanne met

---

1) Votes and Proceedings: A 14 — '67.
2) Govt. House Despatch No. 99 of 1865.
3) App. 3 to Votes and Proceedings of Parliament: 1873, p.178.
4) The Fingo Exodus: A 14 — '67.

advies bedien en alles in hulle vermoë doen om die vriendskapsband tussen die naturel en die witman te versterk en die vrede te bestendig. J.C. Warner was aangestel as die Britse Resident en hy moes optree as 'n soort van diplomatieke agent. Die kafferhoofde en die ander wat ondergeskik aan hulle was, het toelae volgens hulle rang van die regering ontvang. Om die geestelike welsyn van die naturelle te bevorder en om te verhoed dat hulle weer na hul vroeëre barbaarse leefwyse terug keer is sendelinge sterk aangemoedig om daarheen te gaan terwyl die verkoop van drank in die Transkei-gebied ten strengste verbied is. "In thus disposing of this territory" skryf Sir Philip Wodehouse aan die Sekretaris van Staat vir Kolonies "we entirely relinquish all rights of sovereignty over it, and those tribes will be governed by their own chiefs and their own customs. But in accordance with their own wishes and for their own benefit as well as our own each tribe will be guided and aided by a British Resident." 1)

University of Cape Town

---

1) Govt. House: Desp. No. 99 of 1865.



University of Cape Town

## DIE PLAASLIKE ADMINISTRASIE VAN BRITS KAFFRARIA.

### (a) SIR GEORGE GREY.-

Dit sou onprakties wees om so'n onderwerp as die 'Administrasie van Brits Kaffraria' te behandel sonder om die naam van Sir George Grey op die voorgrond te bring. Grey het die beleid van Sir Harry Smith op meer bekwame wyse in die besonderhede uitgewerk en die grondslag van sy beleid was die grondslag waarop die goewerneurs na sy tyd gebou het. Temeer is hy van belang omdat die rigting wat hy ingeslaan het ook die rigting was wat tot 'n groot mate die naturelle-beleid van die Transkei gekontroleer het. Toe Grey herroep was het sy politiek na hom voortgeleef.

Die hoofbeginsels van sy politiek word in een van sy verklarings uiteengesit. "The plan I propose is to attempt to gain an influence over all the native tribes included between the present North Eastern boundary of the Colony and Natal by employing them upon public works which will tend to open their country; by establishing institutions for education of their children . . . . ; by introducing among them institutions of a civil character suited to their present conditions; and by these and other means to attempt gradually to win them to Civilization and Christianity and thus to change by degrees our at present unconquered and apparently irreclaimable foes into friends who may have common interests with ourselves." 1) Dit is die rigting wat sedert daardie tyd gevolg was.

Uit bogenoemde aanhaling kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word. Die beleid van Sir George Grey het die genadeslag aan die segregasie-politiek toegedien; in die woorde van Prof. Walker was dit die "abandonment of segregation en bloc." 2) Grey het sy aandag aan die beskawing van die naturelle gewy en hy wou dit langs die volgende weë bevorder:

---

1) Brooks: History of Native Policy: p.92.
2) E.A. Walker: History of South Africa: p. 297.

(a) Kolonisasie: "The line of policy I have aimed at was to intersperse amongst each other the European and Native population of this country, that neither of them might remain an object of apprehension to each other, but that they might become mutually beneficial to one another . . . . . . equality in number or at least influence between the two races is necessary." 1) Ons sien dus dat die politiek van Wodehouse om blanke koloniste aan te moedig om na die Transkei te gaan alreeds deel van die beleid van Grey was.

(b) Blanke magistrate: Naturelle moes onder die heerskappy van blanke persone kom en dit moes teweeggebring word deur die naturellehoofde stelselmatig met blanke magistrate te vervang.

(c) Openbare werke: Die naturelle se lusgevoel vir handearbeid moes aangemoedig word deur hulle op openbare werke te emplojeer.

(d) Privaat besit: Die invoering van privaat inteenstelling met die gemeenskaplike besit van grond onder die naturelle.

(e) Opvoeding: Voorsiening moet gemaak word vir opvoedingsinrigtings vir die opvoeding en opleiding as vakmanne van naturelle.

Hierdie beleid van Sir George Grey was deur Sir Philip Wodehouse voortgesit en dis om hierdie rede dat ons die blanke magistrate in die jaar 1865 in Brits Kaffraria aantref.

## (b) DIE BLANKE MAGISTRATE.-

Die mag van kafferhoofde was 'n nekslag toegedien onder die dekmantel van oënskynlike kinderlike maatreëls. Grey het met reg ingesien dat die boetes, die "izizi", wat naturelle-misdadigers vir kriminele oortredings, soos moord, aanranding, ens., aan hulle hoofde moes betaal die vernaamste bron van hulle inkomste uitgemaak het. As die hoofde 'n vaste en gereëlde salaris verseker word dan sou hulle belangstelling verflou en

---

1) H.P. Steyn: Administrasie van Brits Kaffraria (1853 - 1866): bl. 58.

University of Cape Town

hulle invloed oor die naturelle onder hulle beheer afneem. 'n Skatting van hulle gemiddelde jaarlikse inkomstes is as gevolg van die boetes gemaak en die hoofde het elkeen 'n salaris ontvang wat min of meer daarmee ooreengekom het. Die hoofde het nog altyd die reg gehad om persoonlik die verhoor van kriminele misdadigers by te woon maar hulle het geen geldelike belange meer daarby gehad nie. Hulle salarisse was gereëld en die gevolg was dat hulle weg begin bly het. Die blanke magistrate het binne 'n betreklike kort tydjie hulle plek ingeneem en die vonnisse gevel. Hulle invloed het weldra uitgebrei en groot afmetings aangeneem. Die betaling van boetes het nie meer soos in die verlede in die vorm van beeste of skape alleen geskied nie maar ook in ons moderne geldeenheid.

In siviele sake het die naturelle-hoofde nog 'n regstreekse aandeel geneem maar selfs hierin was hulle ontbloot van enige wetlike gesag om hulle beslissings in die praktyk uit te voer. "Sandieli begins to realise his true position. He Finds that his people come to him with their cases for adjudication but although allowed to do so he is powerless to enforce his decisions." 1)

Dit is belangwekkend dat die spesiale magistrate hulle regterlike mag op eie inisiatief toegeeien het, sonder dat instruksies in daardie verband aan hulle gestuur was. Robert Fielding, die spesiale magistraat te Middel-Drif sedert 1856, het die volgende verklaring voor die Naturelle-Sake-Kommissie van 1883 afgelê. "Ek het in my regterlike kapasiteit opgetree sonder enige instruksies wat my die reg daartoe gegee het . . . . . . Ek erken geen hoofde nie behalwe in soverre hulle verplig word om my bevele uit te voer. In alle land-dispute word dit verwag dat hulle teenwoordig sal wees. Gedurende die verhoor van siviele sake word die hoofde nie toegelaat om hulle opienies te gee nie, behalwe in die geval van landsake en dan bestaan hulle opienies net uit antwoorde op my vrae aan hulle gestel. In Middel-Drif is daar drie

---

1) Graham's Papers: Tembani: 16/3/'65.

University of Cape Town

hoofde en Kama is een van hulle maar hulle het geen spesiale magte nie. Kama het 'n goeie karakter en moedig sy aanhangers aan om die beskaafde leefwyse aan te neem. Behalwe hierdie morele invloed het hy geen ander spesiale magte nie. Hy was eers nie daarmee tevrede nie maar vandag (1883) maak hy nie meer beswaar daarteen nie. Gedurende goeie seisoene is almal die naturelle werksaam en samel goeie oeste in." 1)

Die blanke magistrate het die naturellehoofde vervang; die naturellehoofde het hulle onderdane volgens kaffergewoontes en-gebruike regeer. In die jaar 1865 is Brits Kaffraria by die Kaapkolonie ingelyf en het dus regstreeks onder die wetgewende gesag van die Kaapse parlement te staan gekom. Wat was die houding van die blanke magistrate wat nou in die plek van die naturellehoofde moes optree teenoor die kaffergewoontes en -gebruike? Was die naturellereg deur die blanke magistrate in die regspleging erken?

Die naturellereg was deur die blanke magistrate in Brits Kaffraria tot 'n seker mate erken. Brookes kom in sy "History of Native Policy" tot die gevolgtrekking dat die naturellewette in hulle volheid moet erken word. Die geregshowe moet die bestaande wette van 'n land erken afgesien van die feit of hulle sleg of ondoeltreffend is want "it is useless to make improvements precede improvements in the capacity of those for whom they are made to understand them." 2) Toe Robert Fielding, die spesiale magistraat te Middel-Drif, die Resident magistraat te King Williams Town, om voorligting ten opsigte van hierdie vraagstuk versoek het, het laasgenoemde hom geantwoord dat "in 'n regsgeding waar uitsluitend naturelle in betrokke is moet die oorspronklike reëls en gewoontes van die naturelle as basis dien vir die beslagting van betrokke geskille. Die prosedure wat voor inlywing in swang was moes gehandhaaf word." 3)

Die naturellewette egter, was nie in hulle volheid

---

1) Commission on Native Laws and Customs, 1883: bl. 199 - 205.
2) Brookes: History of Native Policy: p. 181.
3) Civil Commissioner, King Williams Town: No. 106 of 1866.

University of Cape Town

deur die blanke magistrate erken nie. Ons kry sekere kaffergebruike wat beslis afbreuk sou gedoen het aan 'n beskawingsbeleid indien hulle deur die magistrate erken was. Die kaffergewoontes soos "Tsiko", d.i. die gewelddadige distribusie van ongetroude meide onder die hoofde en hoofmanne en "eating up", d.i. die gewelddadige konfiskasie van naturelle-onderdane se besittings deur die hoofde was nie alleen ontmoedig nie maar diegene wat hulle daaraan skuldig gemaak het was ook somtyds gestraf. In 1868 het Sandieli 'n seker Maseti beskuldig dat hy veestelery aangemoedig het deur veediewe herberg te verleen. Sandieli het 'n aantal beeste van die beskuldigde met geweld geneem maar hy moes hulle op las van die goewerneur teruggee. Verder moes die ~~selfde~~ spesiale magistraat aan Sandieli verduidelik " . . . . that if he takes away the property of other people without legal authority he will be liable to be tried and punished for theft, to impress upon him very strongly that he acted illegally in this case and rendered himself liable to punishment, and to express His Excellency's desire that he will abstain from such acts in the future." 1)

Van meer belang is dat die naturelle-erflikheidsreg deur die wetgewing van die land erken was. Ordonnansie No. 9 van 1864 was nog van krag; Artikel II daarvan bepaal dat " . . . . . if such native die leaving a widow married by him according to the form of the Christian religion or by a magistrate and likewise leaving a widow, or widows to whom he shall have been previously married according to the customs of his tribe or children or other direct issue thereof or leaving only such widow or children or issue of both, then any property he shall die possessed of shall be subject to the law of inheritance as to movable property established by the customs of his tribe; and in the last case the widow married according to the form of Christian religion or by a magistrate and the children and issue shall if they think fit be entitled to the same rights in respect of deceased property or any other widow to whom

---

1) Civil/Country: No. 117 of 1868.

University of Cape Town

deceased was married according to native custom or child or direct issue", m.a.w. of 'n naturel in die huwelik bevestig is met 'n vrou volgens die voorskrifte van die kristelike geloof of met vrouens volgens die gewoonte van sy stam maak nie by die erwing saak nie, want na die dood van die naturel sal die weduwee (kristelike geloof) of die weduwees (kaffergewoonte) en indien daar kinders is behandel word volgens die erflikheidsreg van die naturelle by die uitdeling van oorledene se besittings. In die jaar 1868 is die "Native Succession Act" deur die Kaapse parlement gepasseer. Dit was gebasseer op die Ordonnansie No. 9 van 1864 en die erfliksreg van die naturelle was daarin erken. In die openingsrede van 1868 het Wodehouse verklaar dat "die beginsel van die wet hierop berus, dat terwyl ons met reg sekere besware teen die huwelike van naturelle kan inbring en ons moreel verplig voel om die gebreke met verdrag af te skaf, tog is dit nie reg van ons om alle huwelike wat nie volgens die voorskrifte van ons geloof bevestig word nie van nul en geen waarde te bestempel nie. Ook kan die kindertjies wat uit sulke huwelike gebore word nie deur ons as oneg beskou word nie. Ons strewe is om die naturelle te beskaaf. Ons beraam planne sodat hulle die eienaars van vaste eiendom kan word en "we cannot in honesty accompany them with a process of confiscation on the plea of illegitimacy."[1]

'n Ander belangrike beginsel wat ook deur die wetgewing van die land erkenning geniet het was die gemeenskaplike verantwoordelik(heid) van die stam. Die "Cattle Repression" Ordonnansie van 1864 was ook nog van krag en Artikel XVIII daarvan bepaal dat "geen hofsaak ten behoewe van 'n naturel sal toegelaat word indien 'n superintendent of magistraat beslag lê op 'n deel van 'n naturel se vee as vergoeding vir gesteelde vee wie se spore na daardie kraal of na daardie gemeenskap lei waarvan die betrokke naturel 'n inwoner is; so'n konfiskasie inteendeel moet as wettig beskou word." Ons kry dus 'n volkome erkenning van die beginsel van kollektiewe verantwoordelikheid. In die jaar 1866 het die Resident Magistraat van Oos-Londen

1) Votes and Proceedings: A1 – '68

verklaar dat volgens sy sewejarige ondervinding hy oortuig daarvan is dat dit by uitstek die uitstekendste middel is om veediefstalle te voorkom. Die beginsel van kollektiewe verantwoordelikheid is die naturelle bekend, dit is hulle eie wet en hulle beskou dit as 'n verstandige en regverdige maatreël want hulle is bewus van die feit dat sodanige konfiskasie by geen kraal gedoen word sonder die medewete van hulle vernaamste hoofman wie hulle vertrou.[1]

Aan die ander kant was naturelle-veediewe nie altyd volgens hulle eie gebruik behandel nie. Ons kry gevalle waar die naturelle-veediewe in hegtenis geneem was. Hulle was deur die Resident Magistraat voorlopig verhoor en later deur die Rondgaande Hof van die Oostelike Distrikte, wat periodieke sittings te King Williams Town gehad het, gevonnis. Dit was b.v. die geval in 1868 toe vier naturelle beskuldig was van veediefstal. Die twee aanklaers in bogenoemde geval, mnre. Sampson en Brookes, twee boere in die distrik van King Williams Town, het hulle lewendehawe as gevolg van hulle merke herken en vier naturelle was in hegtenis geneem. Ons kry 'n duidelike miskenning van kaffergebruike en die indringing van koloniale wette en instellings wat ongetwyfeld vreemd teenoor die opvattings van die naturelle van daardie ontwikkelingspeil gestaan het.

Vervolgens kry ons Wet No. II van 1869. As gevolg van die buitengewone omstandighede van die kolonie was buitengewone wette gepasseer om 'n meer gereëlde betaling van belastings te verseker. Hierdie wet gee aan die belastinginvorderaars die reg om 'n naturel se losgoed deur openbare veiling te verkoop en selfs sy hut te vernietig as hy nie sy hutbelasting binne die vasgestelde tydperk betaal nie.

Veediefstal het ook in die tye van ekonomiese beproewings toegeneem. Die boere in Brits Kaffraria het baie vee verloor en dit was een van die vernaamste griewe van daardie tyd. Reeds in 1866 het die verteenwoordigers van die

---

1) Res. Magistrate: Oos-Londen: No. 2 — 1866.

University of Cape Town

grensdistrikte die aandag van parlementslede op die verskynsel gevestig en heelwat voorstelle ter bestryding van die euwel is ingedien. Daar het egter niks van gekom nie. In 1867 het mnr. Molteno 'n wetsontwerp ingedien, wat nadat dit heelwat gewysig is, eindelik in albei die Huise aangeneem was. Dit was Wet No. 17 van 1867 wat o.a. vir die eerste maal lyfstraf van toepassing op naturelle-veediewe gemaak het.

Selfs in verband met die kleinere sakies wat deur die spesiale magistrate self afgehandel was tref ons 'n mengsel van kaffergebruike en koloniale wette aan. Fielding het in sy getuienis voor die Naturelle-Sake-Kommissie van 1883 verklaar dat "in verband met aanranding het ek gewoonlik die misdadigers een maand tronkstraf met harde arbeid gegee het. Kafferwette het ek ook bedien as ek daardeur reg aan betrokke partye kon laat geskied maar streng volgens kafferwette het dit nie altyd gegaan nie, b.v. ek het getuies in die getuiebank laat kom en hulle verklarings onder eed laat doen. Indien die partye nie tevrede met my uitspraak was nie dan het hulle die reg van appèl na die resident magistraat te King Williams Town gehad. Gewoonlik het my uitsprake neergekom op die betaling van boetes en appèlle was iets seldsaams. Die mees algemene sake waarmee ek gedurende my ampstyd te doen het staan in verband met egskeidings, huwelike, vroue wat hulle mans verlaat het, dispute tussen vaders van dogters met skoonseuns oor die "ikazi" ens. 1)

In die regspleging het die blanke magistrate dus gebruike en gewoontes van naturelle erken. Opmerklik is dit dat waar belangrike gewoontes en gebruike van die naturelle in die spel was soos die in verband met erfenisse of waar die gemeenskapsin van die naturelle in betrokke was daar het die wetgewing die bestaande gewoontes van die kaffers erken. Aan die ander kant het die blanke magistrate ook koloniale wette bedien. Ons kry die toepassing van lyfstraf op naturelle-veediewe; 'n belastinginvorderaar kon 'n naturel se hut vernietig as hy nie sy hutbelasting betaal nie; naturelle was in

1) Commission on Native Laws and Customs; p. 199 - 205.

University of Cape Town

hegtenis geneem as hulle lewende hawe van blankes gesteel het en die Rondgaande Hof van die Oostelike Distrikte het naturellemisdadigers gevonnis as die resident en spesiale magistrate nie die bevoegdheid besit het om uitspraak te doen nie.

(c) DIE FINANSIES.-

'n Deel van die ampswerk van die blanke magistrate het bestaan uit die invordering van belastings. Die naturellehoofde en -hoofmanne het hulle hiermee gehelp. Onthou word dat in elke kraal, indien dit noodsaaklik geag word, was daar ten minste een hoofman. Die verskillende krale met hulle respektiewe hoofmanne was almal aanhangers van een gemeenskaplike en erkende hoof. Die gebied waaroor so'n hoof se bevoegdheid gaan word 'n lokasie genoem. Sandilli, Kama, Siwani, Tzatzoe, Toise, Jali, Anta en Oba was die vername hoofde in Brits Kaffraria in die jaar 1865. Die verskillende hoofmanne en hoofde het almal salarisse getrek en hulle was betaal ooreenkomstig hulle bekwaamheid, prestasie en posiesie. Alle salaristrekkende naturelle was sekere verpligtings teenoor hulle amptenare verskuldig. Hulle moes hulle amptenare van geskille tussen naturelle verwittig; hulle moes beslag lê op alle gesteelde vee en die aankoms van nuwelinge rapporteer; verder moes hulle op bevel van die amptenare alles in hulle vermoë doen om behulpsaam te wees in verband met die opsporing van naturelle wat aan een of ander misdaad betrap moes word en met die invordering van belastings. Hulle moes die naturelle onder hulle beheer aanspoor om hulle belastings gereëld te betaal.

Die finansies was 'n saak van die allergrootste belang. Sir George Grey het elke jaar 'n toelaag van £40,000 van die imperiale regering verkry. Met so'n toelaag tot sy beskikking kon hy met sy beskawingsbeleid voortgaan: hy het blanke magistrate aangestel; openbare werke aangegaan; opvoedingsinrigtings sowel as 'n hospitaal te King Williams Town gebou. Hierdie toegewing was beslis nie in ooreenstemming met 'n besnoeiingsbeleid nie maar Grey het gemeen dat hierdie

ekstra uitgaaf slegs as 'n tydelike noodhulp beskou moet word. Die naturel sal deur 'n beskawingsbeleid sy beskawingspeil verhoog en namate hy vorder kan die steun van buite afgeneem word totdat hy later in staat sal wees om sy eie laste te dra. Brits Kaffraria sal met verloop van tyd selfonderhoudend wees en dis veral om hierdie rede dat die imperiale regering so goedgunstiglik ingestem het. In 1863 was hierdie toelaag stopgesit en die naturelle het tot die landsinkomste van Brits Kaffraria bygedra deur die betaling van belastings.

(i) Die Hutbelasting: Vir elke hut in Brits Kaffraria moes die eienaar daarvan 'n belasting van 10/- per jaar aan die regering betaal. Dit was verreweg die vernaamste bron van inkomste. Vir die jaar 1868 het die hutbelasting by benadering 'n bedrag van meer as £4,600 ingebring.

(ii) Die Belasting op Perde: Die eienaars moes vir elke perd 'n belasting van 2/- per jaar aan die regering betaal. Hierdie belasting was egter nie algemeen nie en was ook nie gereëld ingevorder nie. Dit skyn asof dit tot 1865 ingesamel was. Die Siviele Kommissaris van King Williams Town het in Mei, 1868 'n inspeksiereis deur die verskillende lokasies gedoen en opgemerk dat die aantal perde baie ongunstig met die ander lewende hawe van die naturelle vergelyk. Hy het navraag daaromtrent gedoen en die antwoord was "that rearing horses did not pay so well as rearing other stock as in many cases half the value of the horses are paid in taxes to the government before they come to maturity,"[1] en in dieselfde jaar was die belasting in beide afdelings afgeskaf.

(iii) Die invoering van privaat besit: (a) "Grants in freehold" sou aan bevoegde naturelle toegestaan word op aanvraag by die kantoor van die Landmetergeneraal. Die applikant moes 'n £1 vir een akker betaal. Geen naturel mag in die reël minder as 5 akkers koop nie en indien hy dit doen moet hy 'n ekstra betaling van 2/- per akker gevra word om die onkoste in verband met die opmeting daarvan te bestryk. 'n

---

1) Civil Commissioner: King Williams Town: No. 5 of 1868.

University of Cape Town

Koper van 'n perseel, 40 akkers groot, kan 'n addisionele perseel van dieselfde grootte huur teen 1/6 per akker vir 'n tydperk van 5 jaar. Hy kan te eniger tyd gedurende die kontrakperiode die gehuurde grond koop. Hy mag nie die grond op eie inisiatief vervreem nie en net hy en sy gesin mag op daardie grond woon. As 'n naturel nie hierdie voorwaardes nakom nie dan sal die grond verbeurd verklaar word. In die jaar 1868 het grond onder hierdie voorwaardes 'n bedrag van £80 in ronde syfers in die staatskas gestort.

(b) Bou-erwe: 'n Naturel kan ook 'n besit van 'n bou-erf, 'n ½ morg groot, kom. 'n Eienaar van so'n erf mag nie die grond sonder die goedkeuring van die goewerneur verkoop of verhuur nie en moes verder 'n jaarlikse belasting van 2/6 daarvoor betaal.

(c) Tuinerwe: Die eienaar van 'n tuinerf, 4 morge groot, mag nie die grond sonder die toestemming van die goewerneur vervreem nie. Die paaie wat oor sulke erwe gaan mag nie deur die 'grantees' verander of verlê word nie en verder moet elke eienaar van 'n tuinerf 'n jaarlikse belasting van 10/- aan die Siviele Kommissaris van sy afdeling betaal.

Die amptenare wie verantwoordelik was vir die invordering van hierdie belastings het dit egter swaar gekry gedurende die 60$^{\underline{er}}$ jare; dit was 'n tydperk van ekonomiese ontberings. Oeste het misluk as gevolg van langdurige droogtes; die lewende hawe het aansienlik verminder en 'n algehele handelsdepressie het as iets natuurliks gevolg. Die imperiale regering het die toelaag van £40,000 as byvoeging by die landsinkomste van Brits Kaffraria in 1863 definitief stopgesit en vanaf 1867 het sy op 'n groter militêre kontribusie vir die instandhouding van imperiale troepemagte aangedring. In 1866 het 'n kriesis in Engeland uitgebreek; en die verhoging van haar invoertariewe het onvermydelik 'n terugslag op die landbou in Suid-Afrika gehad. Volgens Dr. Schumann was hierdie depressie die mees intense wat Suid-Afrika in die 19de eeu moes deurmaak.[1] Die belastingvoorstelle van Wodehouse om die

---

1) Dr. C.G.W. Schumann: Die Kredietmark in Suid-Afrika: bl. 117.

University of Cape Town

tekorte uit te wis was telkens deur die wetgewende vergadering verwerp.

Die algemene depressie-toestande het baie erg in Brits Kaffraria gewoed. Kayser, wat die lokasies van Siwani en Jali onder sy toesig gehad het, het in sy rapport oor die toestande van 1866 en 1867 die volgende opmerkings gemaak: "die meerderheid van die naturelle ly as gevolg van gebrek; 'n deel van die lydende is so te sê sterwende; hulle lewe van worteltjies omdat hulle nie kos het om te eet nie. Die twee voorafgaande oeste sowel as die teenswoordige een is 'n totale mislukking. Die naturelle is verplig om op hulle beperkte voorraad lewende hawe terug te val maar selfs hierdie bronne van bestaan is al verteer. Die gevolg is dat vee- en skaapstelery 'n alledaagse verskynsel is . . . . ."[1] In sommige lokasies was die toestande beter maar oor die algemeen het die depressie Brits Kaffraria swaar getref en baie naturelle het tot die bedelstaf verval.

'n Groot deel van die naturellebevolking het agterweë met hulle belastings geraak. Webb, die Sekretaris van die Distriksraad van King Williams Town, het in verband met die naturellehuurders van grond gesê dat 'n deel van die naturelle hulle verpligtings getrou nakom. Daar is ander naturelle wat hulle verpligtings óf gedeeltelik óf nog nooit nagekom het nie. Hulle kla sonder uitsondering oor hulle armoede as gevolg van die langdurige droogte en versoek om uitstelling van betaling. Baie van die naturellehuurders het 'n nuwe tuiste in die Transkei gaan soek en hulle gronde net so in die steek gelaat. Dan was daar nog 'n klas " . . . . . . the greater number of whom appear to me to have taken an easy mode of possessing themselves for a time of a choice piece of ~~[illegible]~~ land, cultivating it while they could and abandoning it when they were in dread of being pressed for payment."[2] Die naturelle was op daardie ontwikkelingspeil nog nie grondvas nie; hulle het nie die kuns

---

1) Civil Commissioner: King Williams Town: No. 2702 — 1867.
2) Civil Commissioner; King Williams Town: No. 54 — 1869.

University of Cape Town

van grondbewerking verstaan nie en het gevolglik nie die besit van grond op prys gestel nie.

Ten spyte van instruksies aan die kollektante om hulle uiterste bes te doen om die agterstallige gelde van die naturelle in te vorder het die uitstaande bedrag tot 1867 nog meer as £5,000 aangeteken.

Opsomming van uitstaande bedrae tot 1867:

| | Anta. | Tzatzoe. | Jali. | Toise. | Kama. |
|---|---|---|---|---|---|
| Hutbelasting: | £54. 5.0. | £101.10.0 | £108.0.0. | £121.0.0. | £309.5.0. |
| Perdebelasting: | 1. 0.0. | | | | |
| Grondhuur: | | | 1.0.0. | | |

| | Siwani. | Izeli-distrik. | Keiskamma Hk. | Sandilli. |
|---|---|---|---|---|
| Hutbelasting: | £338.15.0. | £405.10.0. | £555. 0.0. | £2,000. 0.0 |
| Perdebelasting: | | | | 150. 0.0. |
| Grondhuur: | | 254. 3.6. | 805. 9.3. | |

T o t a a l £5,308. 17. 9. (1)

Herhaaldelik was die invorderaars met instruksies belas waarin aan hulle opgedra was om van sulke maatreëls gebruik te maak wat die betaling van alle uitstaande bedrae sou verseker. A. Bisset, die Kommissaris van die Koninklike Reserwe het op een van daardie instruksies as volg geantwoord: "Every measure in my power that I am aware of has already been adopted and continues to be adopted. I shall be very glad if you can suggest anything new calculated to ensure the much desired object." (2) Die mees algemene antwoord van die naturelle was 'almal kry swaar waarvandaan moet die geld kom.'

Die tekorte van die land egter moes aangesuiwer word. Daar bestaan twee maniere om 'n begroting te laat klop; die een is besuiniging die ander is die verhoging van ou en heffing van nuwe belastings. Die belastingvoorstelle van Wodehouse was telkens verwerp en die wetgewende vergadering het besuinigingskomitees benoem wat strenger toepassing van wette, afskaffing

---

(1) Civil Commissioner: King Williams Town: No. 2702 — 1867.
(2) Civil Commissioner: King Williams Town: No. 131 — 1869.

van onnodige departemente, vermindering van salarisse en staking van openbare werke verlang het.

Die gevolg was dat alle publieke werke in Brits Kaffraria, behalwe die een vir die breekwater by die mond van die Buffelsrivier, gestaak was. Verder was 'n neëntiental van die naturellepoliesiebeamptes in King Williams Town afdeling afgedank. In die distrik Izeli was twee, en in die lokasies van Siwani en Sandilli was onderskeidelik drie en 14 ontslaan. Ons kry 'n totale vermindering van 19 wat die syfer van 83 tot 64 afgebring het. Terselfdertyd was Kayser, 'n amptenaar wat die lokasies van Siwani en Jali onder sy toesig gehad het, ontslaan en C. Chalmers, spesiale magistraat, het behalwe die lokasies van Toise, Tzatzoe en distrik Izeli ook die van Kayser onder sy beheer gekry. In die afdeling van Oos-Londen kry ons die afskaffing van die departement onder Kaptein Hunt van Maclean asook die ontbinding van sy naturelle-poliesiemag. Sy werk sou voortaan deur die resident magistraat van Oos-Londen waargeneem word.

Aan die ander kant het die Kaapse parlement wetgewing passeer om die invordering van belastings te bespoed en om die betaling daarvan meer gereëld te maak. Artikel IV van Wet No. II van 1869 bepaal dat indien die eienaar van 'n hut nog nie na drie kalendermaande na 31 Desember sy hutbelasting van 10/- betaal het nie, dan het die belastinginvorderaars die reg om beslag te lê op sy losgoed; indien hy nie binne 14 dae na sodanige konfiskasie sy 10/- betaal nie dan moet sy losgoed deur openbare veiling verkoop word totdat die omset genoeg is om sy agterstallige belastingskulde sowel as die koste van konfiskasie en verkoop daarvan te dek.

Artikel V bepaal dat indien die eienaar van 'n hut nie sodanige losgoed besit nie dan moet sy hut eenvoudig vernietig word.

Die grondhuurders het nie ligter afgekom nie. Druk moet uitgeoefen word op die naturelle wat kon betaal en indien dit nodig geag word moet hulle gedagvaar word. Daardie

naturelle wat op aanvraag grond gekry het maar dit nie beset het nie moes hutbelasting betaal. 1)

(d) NATURELLEBESKAWING.-

Van die kant van die regering kon daar in tye van ekonomiese ontberings nie veel verwag word om deur middel van geldelike steun die beskawing van die naturelle te bevorder nie. Die breekwater aan die mond van die Buffelsrivier was die enigste belangrike openbare werk waarmee aangehou was. Bandiete sowel as naturelle, laasgenoemde teen betaling van 1/- per dag, was daar in diens geneem.

Die blanke magistrate het egter 'n baie heilsame invloed oor die naturelle onder hulle beheer uitgeoefen. Dit was trouens 'n deel van hulle ampswerk om die verskillende kafferstatjies te besoek. Hulle moes soveel moontlik persoonlik met die verskillende hoofmanne en hoofde in aanraking kom. Hulle moes strewe om die naturelle op sedelike gebied te verhef; die kaffergebruike wat in stryd was met die beginsels van die kristelike geloof ontmoedig en alle gewoontes wat die verbetering en vooruitgang van die naturelle strem teengaan.

In 1871 was daar 'n begin gemaak met 'n nuwe industrie, katoenbou. Die regering het 6,000 pond "Sea Island"-katoensaad gekoop en dit onder die naturelle uitgedeel. Die naturelle kon die saad sowel as instruksies vir die planting daarvan kosteloos by hulle respektiewe superintendente en magistrate ontvang. Die gebrek aan ondernemingsgees en bekwaamheid by die naturelle, en die gebrek aan die regte soort klimaat sowel as grond, veral die grond in die omgewing van Middeldrif en Keiskamma Hoek, was oorsaak dat hierdie proefneming op mislukking uitgeloop het.

Die godsdienstige bearbeiding van die naturelle was in die hande van die sendelinge van verskillende sendinggenootskappe. Hulle het barbaarse gewoontes en veelwywery bestry. Verder het hulle die ouers van naturellekinders

---

1) Letter Book: Civil, Country: No. 3956 — 121.

University of Cape Town

aangemoedig om hulle kinders skool toe te stuur. Almal die naturelle wat op sendingstasies woonagtig was moes die godsdiensoefeninge op Sondae gehou bywoon. Die naturelle het by die sendingstasies die nut van handearbeid en beter landboumetodes geleer. Die teelt van 'n beter klas skape en beeste was deur die sendelinge aangemoedig. Die invloed van die sendelinge het 'n besonder goeie uitwerking op die karakter van die naturel gehad. Charles Brownlee, die Gaika Kommissaris, het in sy memorandum die volgende opmerking gemaak. " . . . . . . . . missionaries have done so much for the natives that their adherents have either been friendly or neutral in various wars, and that rarely has one of them been convicted or even justly suspected of sheep or cattle stealing." 1) Ook gedurende oestyd wanneer geringe oortredings soos dronkenskap, handgevegte, ens. alledaagse gebeurtenisse was het dit byna nooit op die sendingstasies van Knapps Hoop en Annshaw voorgekom nie.

Op die gebied van onderwys het die staat die steun van die verskillende sendinggenootskappe geniet. Dit was die enigste "cooperative agency" en van 27 skole in 1867 was 18 in die hande van sendelinge. Behalwe hierdie gewone dagskole was daar nog sewe skole waar die naturelle as beroepsmanne opgelei kon word. In 1867 was daar ongeveer 700 naturelle-leerlinge in Brits Kaffraria. In die gewone dagskole was Geskiedenis, Aardrykskunde, Rekenkunde, Matesis, Engels sowel as Kaffertale doseer terwyl die beroepskole hulle toegelê het op die bevordering van die handearbeid van die naturel. Die naturelle kon die beroep van snyer of tuinier gekies het en die meide kon naaldwerk, kookkuns, ens. daar leer. Hierdie opvoedingsinrigtings het almal weens die beperking van die fondse gely. Die geboue waarin die naturelle onderwys ontvang het was nie in 'n bevredigende toestand nie; ook nie behoorlik toegerus nie en die onderwysers en onderwyseresse het maar 'n geringe betaling gekry.

---

1) N. A. B. B. A 49 — '65.

University of Cape Town

Die sendingskole was deur middel van toelae deur die staat gehelp en die doel van die hulp was om die opvoeding binne die bereik van almal selfs die armste naturel te bring. Die meerderheid van die naturelle het gratis onderwys ontvang en slegs die wat dit kon bekostig het moes 'n klein betaling doen. Die superintendent generaal van onderwys het egter bevind dat by baie sendelinge die godsdiens die hoofsaak is en dat ander vakke soos rekenkunde, skoonskrif, ens. afskuwelik deur hulle verwaarloos was. Ten spyte van hierdie feit was daar sendingskole wat 'n besonder hoë standaard werk gelewer het en die sendingskole van Annschaw, Middeldrif, Peelton en die beroepskole van St. Matthew en Keiskamma Hoek het verdien om met lof melding van gemaak te word.

Die opvoeding was egter nie verpligtend nie. 'n Groot persentasie van die naturellekinders het nie die nodige klere gehad om aan te trek nie; die ouers het gewoonlik 'n onverskillige houding ingeneem teenoor die welsyn van hulle kinders en die vraag na hulle arbeid tuis was almal oorsake dat leerlinge baie ongereëld en duisende kinders nooit skool toe gekom het nie. Die onderwysers het dus maar min kans en tyd gehad om die naturelle ten goede te beinvloed. Die gebrek aan erns by die kinders; die gebrek aan belangstelling by die ouers in die verbetering van hulle kinders; die tevredenheid om by 'n lae beskawingspeil te bly het 'n demoraliserende uitwerking op die karakter van die naturel gehad, ".......... and effaced day by day most of the good which an earnest teacher has a right to look for." 1)

Belangwekkend om hier melding te maak dat onder die invloed van sendelinge die naturelle ook deel geneem het in administratiewe aangeleenthede van plaaslike aard. Die hoofsendeling van Pirie, Eerw. Bryce Ross, het in Mei, 1867 'n openbare vergadering gehou. Die vergadering het by daardie geleentheid besluit om 'n raad in die lewe te roep. Die raad het uit tien naturelle bestaan en Eerw. Ross was as voorsitter

---

1) Votes and Proceedings of Parliament: G 4 — '69.

gekies. Hierdie raad moes sorg dat geen grondbewerking toegelaat word buite die grense van die bou- en tuinerwe nie; tweedens moes die raad toesien dat die bome langs die oewers van waterstrome nie deur houtkappers beskadig word nie; derdens moes die raad persone belet om hulle vee op die gemeenskaplike weivelde te jaag as hulle nie verlof daartoe verkry het nie. Die raad moes dus sorg dra vir die gemeenskaplike belange van die inwoners van Pirie en het feitlik neergekom op 'n soort van munisipale raad. Knapps Hoop het die suksesvolle voorbeeld van Pirie gevolg.

Die beskawingspeil van die naturellebevolking van Brits Kaffraria het ten spyte van 'n beskawingsbeleid maar nog op 'n baie lae trap van ontwikkeling bestaan. Alhoewel daar al baie van die heidense gewoontes en kafferbygelowigheid uitgewis was, en die naturelle so langsamerhand verplig was om volgens die mode van blankes gekleed te gaan, tog bly dit 'n feit dat die beskawingsbeleid maar nog in sy beginstadium was. Die naturelle was belet om in hulle natuurlike naaktheid in groot dorpe soos King Williams Town en Oos-Londen te verskyn maar owerigens het hulle nog hul tradisie gehandhaaf. Ook was die invloed van die sendelinge beperk tot die grense van hul aktiwiteite. Die ekonomiese ontwikkeling van die massa van die naturelle was gering. Daar bestaan b.v. in Brits Kaffraria nog 'n groot gebrek aan die aanbod van arbeid. Ons kry nog herhaaldelik klagskrifte van boere en grondeienaars wat hulle noodlot oor die skaarste van naturelle-arbeid kla, en dit ten spyte van die feit dat die naturelle die blanke bevolking in getalsterkte met tien teen een oortref het, en dit terwyl volgens Dr. Schumann die land die mees intense depressie van die 19de eeu moes deurmaak. " . . . . . farmers are unable to carry on ordinary farming operations for want of servants as shepherds . . . . . unable to avail themselves of the natural advantages owing to the great scarcity of labour." 1) Terwyl die boere hulle noodlot kla, skryf die verskillende amptenare

---

1) N. A. B. B. : C 4 — '69.

University of Cape Town

aan hulle respektiewe Siviele Kommissarisse dat alhoewel daar baie armes by die verskillende kafferstatjies doelloos ronddwaal bewys hulle geen bereidwilligheid om te werk nie tensy hulle met moeite daartoe gedwing word.

(e) HANDHAWING VAN WET EN ORDE.-

Die veeboere op die uithoeke van die Oosgrens was gedurig besteel. In beide die King Williams Town en Oos-Londen afdelings was die boere telkens deur naturelleveediewe besoek en die verlies aan vee was ook dan een van die vernaamste griewe van die grensbewoners van daardie tyd.

Tot 'n groot mate was die toestand van sake vererg deur die teenwoordigheid van die Galekalokasie op die onmiddellike Noordoosgrens van die kolonie. Warner en Fynn, onderskeidelik die agente van die Tamboekies en Galekas in die Transkei, het albei erken dat veediefstalle toegeneem het. Die veediewe binne die kolonie het die Galekas in die Transkei as hulle agente aangehou en hulle het die gesteelde vee met veiligheid en sukses weggesteek. Dit was trouens een van die moeilikhede waarmee Fynn te kampe gehad het veral omdat Kreli die saak in die geheim ondersteun het.

Die ondertekenaars van klagskrifte uit die distrikte van Oos-Londen, King Williams Town en Albanië het hulle toestand beskryf as gedurig "suffering from theft and are kept in a constant state of alarm and anxiety for the safety of their flocks and herds." 1)

Dis belangwekkend om hier die totstandkoming van 'n 'Vereniging vir Gemeenskaplike Beskerming' aan te haal. Die doel met die vereniging was om wederkerige hulp aan die lede te verleen ten einde veediefstalle te voorkom, maar toe 'n paar lede die wet in hulle eie hande wou neem en een van die krale onder 'n onbelangrike hoofman binnegeval het, was die daad as 'n oortreding van die wet bestempel en die vereniging het kort daarop, in die begin van 1867, opgehou om te bestaan. Die regering het in beginsel enige plaaslike organisasie wat

1) W. A. B. B.: C 4 — '69.

University of Cape Town

moontlik wrywing tussen die naturelle en blankes kon veroorsaak teengegaan.

Die regering is verantwoordelik vir die beskerming van die publiek en die amptenare in Brits Kaffraria wat moes toesien dat die wet en orde gehandhaaf word was eerstens die naturellepoliese en tweedens die Berede Poliesebeamptes aan die grens. (Frontier Armed Mounted Police). Elke amptenaar by 'n lokasie het 'n aantal van die naturellepoliesiebeamptes onder sy beheer gehad. Die naturellepoliesie was versprei oor die verskillende krale. In 1868 het die totale mag uit 63 bestaan en elkeen het 'n salaris volgens sy rang getrek. Hulle salarisse het gewarieer van £6 : £21 per man per jaar. Volgens die resident magistraat van Oos-Londen was hierdie naturellepoliesiebeamptes feitlik onmisbaar in verband met die opsporing van naturellemisdadigers en die inhegtenisneming van naturelleveediewe.[1)]

Die Berede Grenspoliesie was die eintlike organisasie wat verantwoordelik was vir die beskerming van die publiek. Elke nuweling wat by hierdie organisasie aangesluit het was van ammuniesie, wapens, die nodige mondering en, indien hy nie self 'n perd aanskaf nie, van 'n perd voorsien. Hy moes die onkostes wat ten behoewe van hom gemaak was weer in maandelikse paaiemente terugbetaal. Sir Walter Currie, die kommandant van hierdie poliesiemag het aan Sir Philip Wodehouse geskryf dat "with reference to the efficiency of the force . . . . . it is not to be expected that after thirteen years command of it I can believe it is much short of perfection. I have every confidence in reporting my unqualified satisfaction in commanding the Mounted Police as it at present exists."[2)] Ten spyte van die bekwaamheid van die mag was hulle in aantal beperk en die regering was nie in staat om hulle dienste verder uit te brei nie. Wodehouse het in sy openingsrede van 1866 gesê dat alhoewel daar 'n groot behoefte aan 'n uitbreiding van

---

1) Civil Commissioner: Oos-Londen: No. 19 — '69.
2) Votes and Proceedings of Parliament: 1865.

die mag bestaan kon dit nie gedoen word nie want enige vermeerdering in getal beteken addisionele publieke uitgawes en die parlement is onwillig om onder die huidige depressie-toestande ten gunste van 'n vermeerdering te stem.

Die doeltreffendheid van die Berede Grenspoliesie was vir 'n groot deel deur die uitgifte van "certificates of citizenship" belemmer. Hiermee word bedoel om 'n skeidingslyn tussen Fingoes en ander naturelle te trek. 'n Fingoe wat in besit was van so 'n sertifikaat kon buite die grense van sy lokasie ongesteurd gaan. Fingoes en ander naturelle was nie maklik te onderskei nie, en ook as gevolg van die laksheid van die amptenare het baie naturelle wat nie Fingoes was nie in besit van so'n sertifikaat gekom en op die wyse was leeglopery en dus veestelery in die hand gewerk.

. . . . . . . . . . . . . . .

## DIE MILITÊRE BESKERMING VAN DIE KAAPKOLONIE EN DIE VERWERFING VAN VERANTWOORDELIKE BESTUUR (1872).

In 1865 was Brits Kaffraria by die Kaapkolonie ingelyf in weerwil van die feit dat die Kaap sowel as Brits Kaffraria teen inlywing gekant was. Wodehouse het regstreeks teen die wil en wense van die Kaapse parlement en die oorgrote meerderheid van die bevolking van Brits Kaffraria gehandel. Mnr. Solomon het 'n sterk voorstel ingedien. Hierdie voorstel was 'n duidelik gestelde mosie van wantroue in die beleid van Sir Philip Wodehouse en dit was sonder verdeling in die wetgewende vergadering aangeneem. Mnr. Solomon was 'n leier van die Westelike Distrikte en 'n kampvegter in die invoering van verantwoordelike bestuur. Dit was die eerste ernstige botsing tussen die wetgewende mag en uitvoerende gesag.

In die openingsrede van die volgende jaar het Wodehouse melding gemaak van die treurige toestand waarin die finansies

University of Cape Town

van die land verkeer "met uitsondering van die militêre kontribusie van £10,000, die uitgawes in verband met die onderhoud van gevangenes en die rente op geleende geld het elke ander item op die uitgawes van die land 'n besparing aangetoon . . . . . Ten spyte van alle pogings om soveel as moontlik te besuinig, ten spyte van die buitensporige staking van alle openbare werke is daar nog 'n tekort van £94,600 en die vooruitsigte vir 'n gebalanseerde begroting vir die lopende boekjaar is nog minder rooskleurig."1) Hy stel voor dat 'n binnelandse lening van £200,000 vir 'n tydperk van 5 jaar teen 6% rente gesluit moet word; die hersiening van die bestaande invoertariewe; die heffing van 'n uitvoerbelasting op alle uitvoerartikels; dat die regering papiergeld, wat wettige betaalmiddel dwarsdeur die land moet wees, in omloop moet bring. Die wetgewende vergadering het die lening van Wodehouse goedgekeur om die agterstallige skulde te betaal maar sy ander finansiële voorstelle verwerp en hom versoek om tot so'n mate van besuiniging oor te gaan dat die uitgawes uit die inkomstes gedek kan word sonder om die volk verder te belas.

Toe Wodehouse in 1867 weer 'n tekort van £59,000 aankondig en 'n advolorem uitvoerbelasting voorstel het die wetgewende vergadering dit betreur dat 'n voorstel wat alreeds verwerp was weer ingedien word.

Vervolgens het Wodehouse die besluit van die imperiale regering ten opsigte van die besoldiging en ontbinding van imperiale troepemagte aangekondig en daarna met 'n konstitusionele voorstel van ingrypende belang voor die dag gekom.

Die imperiale regering het nie alleen die verantwoordelikheid vir die militêre verdediging van Brits Kaffraria maar wel vir die hele Suidafrikaanse gebied onder die Britse vlag gedra. Twee-vyfdes van die totale Britse mag in Suid-Afrika was tot 1867 in Brits Kaffraria alleen gekonsentreer. Die uitgawes in verband met die instandhouding sowel as die salarisse van die manskappe het almal uit die imperiale skatkis

---

1) Votes and Proceedings of Parliament: A 1 — '66.

University of Cape Town

gekom. Met reg teenoor die Suidafrikaanse bevolking moet gesê word dat hulle gedeeltelik die uitgawes help betaal het maar die regstreekse kontribusie van £10,000 elke jaar was niks te vergeleke met die finansiële druk op die imperiale skatkis nie. Sedert 1854 kry ons 'n verandering in die imperiale beleid teenoor haar kolonies. Sy het met 'n besuinigingspolitiek voortgegaan en wou haar onkostes soveel as moontlik verminder. Soos Sir Henry Barkley in 1871 opgemerk het " . . . . . The change in the Colonial policy since that date (1854) which disinclines the mother country to retain in its hands the management of internal affairs of the Cape Colony . . . . . "[1] Die imperiale regering wou haar aandeel in die huishoudelike sake van haar kolonies soveel moontlik inkrimp want sy wou ontslae raak van die uitgawes wat sy ten behoewe van kolonies uitgegee het. So moes Wodehouse in 1862 verneem dat die toelaag van £40,000 definitief na 1863 gestaak sou word. Verder moes die Transkei-gebied prysgegee word want die uitbreiding van grense kon moontlik tot 'n vermeerdering van militêre uitgawes lei en in dieselfde verband moet ons die inlywing van Brits Kaffraria by die Kaapkolonie in 1865 besien. Daar was 'n ander item wat groot uitgawes veroorsaak het en dit staan in verband met die Britse troepemagte in die kolonies.

Reeds in 1862 het die imperiale regering twee afdelings van 100 man elk van die 'Cape Mounted Rifles' afgedank en 'n verandering op die grens aangebring om die onkoste in verband met die instandhouding van militêre poste, die vervoer van ammuniesie en ander voedselware te verminder. King Williams Town was nader aan die grens en ook meer sentraal geleë "en skyn dus besonder geskik om as hoofkwartier vir die verdedigingsmag van die grens te dien".[2] King Williams Town word nou in plaas van Grahamstad die hoofkwartier en Oos-Londen het die plek van Port-Elizabeth as die militêre basis ingeneem. "Sodra hierdie veranderings en verminderings aangebring is . . .

---

1) Govt. House: Despatch No. 53 — '71.
2) Votes and Proceedings of Parliament: G 50 — '62.

. . . . . . sal die garnisoen van Brits Kaffraria vir ondersteuning nie meer in die rigting van Grahamstad kyk nie maar sal vir versterkings geheel en al afhanklik wees van die veilige verbinding met die Kaapkolonie oor die hawe van Oos-Londen."[1]

Telkens gedurende die jare 1862 - 1865 het die Sekretaris van Staat vir Kolonies die aandag van Wodehouse op die noodsaaklikheid van uitbreiding van koloniale magte, soos die Berede Grenspoliesie, vir beskermingsdoeleindes gewys. Die verdedigingsmag van die grens bestaan uit 'n groot aantal Britse troepe en 'n geringe aantal Berede Grenspoliesie, en tog is die beskerming van die grens van Brits Kaffraria in werklikheid die beskerming van die grens van die Kaapkolonie. Die Kaap se bydrae is dus besonder klein vir so'n lewensbelangrike saak.

In 1865 het Cardwell om 'n groter militêre kontribusie versoek, 'n beginsel wat alreeds in ander Britse kolonies toegepas was, maar omdat volgens Wodehouse "a more unfavourable time could not have been selected" was die gevolg 'n verder toegewing maar met die uitdruklike verstandhouding dat die hele onderwerp van militêre uitgawes binne afsienbare tyd weer vir oorweging op die lappe sal kom. Dit het in 1867 geskied.

In 1867 het die imperiale parlement met meer beslistheid opgetree. Carnarvon het aan Wodehouse laat weet dat die Kaap slegs 'n jaarlikse kontribusie van £10,000 betaal. Byna alle ander Britse kolonies dra hulle regmatige deel by en dit kan onmoontlik goed vir die kredietwaardigheid van 'n land en tot voordeel van enige kolonie wees dat die hele militêre las deur die imperiale skatkis gedra word. Dit is dus gebiedend noodsaaklik dat die beginsels wat alreeds in 'n grotere of kleinere mate van toepassing is op Ceylon, Hongkong, Nu-Seeland, op die verskillende kolonies in Australië en Mauritius ook op die Kaap toegepas moes word. Van die 5 voetgangerregimente moes een onmiddellik ontbind word; een moes om die helfte aan St. Helena en Natal gestuur word. Die orige drie regimente

---

1) Votes and Proceedings of Parliament: G 50 — '62.

University of Cape Town

sou die garnisoen van die Kaap uitmaak. Vir die jaar 1867 sou geen betaling nodig wees nie, maar in 1868 moes vir een, in 1869 vir twee en vir die volgende drie daaropvolgende jare moes die Kaap vir al drie regimente teen £40 vir elke voetsoldaat en £70 vir elke perderuiter betaal. "In default of these payments Her Majesty's Government will be at liberty to withdraw the troops either wholly or to such an extent as they may judge expedient."[1)]

Die Kaapse parlement het hier te doen gehad met twee vraagstukke van die allergrootste belang. Die een was die besluit van die imperiale regering om Suid-Afrika aanspreeklik te hou vir 'n groter militêre kontribusie; die ander was die konstitusionele voorstel van Wodehouse.

Volgens die mening van Wodehouse moes die Kaapkolonie sover moontlik in ses gelyke kiesafdelings verdeel word. Elke kiesafdeling sou drie setels in die wetgewende mag hê wat uit een Huis moes bestaan. Die uitvoerende mag moes uit drie offisiële lede bestaan. So'n verandering in die grondwet sou nie alleen 'n geweldige besparing besorg nie maar die voorgestelde wetgewende liggaam kon met baie minder onkoste en sonder moeite in enige deel van die kolonie byeengeroep word. Die lede van die wetgewende vergadering het onmiddellik gevoel dat so'n stap nie alleen 'n agteruitgang sou wees nie maar indien hulle die verandering goedkeur dit in werklikheid op politieke selfmoord sou neerkom. Hulle erken dat die ekonomiese toestand van die land werklik haglik is maar die voorgestelde verandering is nie die wyse om die toestande te verbeter nie. Southey, die koloniale sekretaris, het sy voorstel teruggetrek. Vir 'n tweede keer was 'n gevoel van verwydering en vervreemding aangemoedig en die begeerte om volle beheer oor die binnelandse sake van die land te verkry het sterker posgevat en die ondersteuners vir die invoering van verantwoordelike bestuur het die noodsaaklikheid daarvan meer en meer ingesien.

Wat die tweede vraagstuk betref, het die lede van die

---

1) Votes and Proceedings of Parliament: A 1 — '67.

University of Cape Town

parlement onmiddellik vertoë tot die imperiale regering gerig waarin hulle gewag gemaak het van die benarde ekonomiese toestand van die land asook die naturellegevaar. Onthou word dat in 1866 nog, daar gedurig skermutselinge tussen wit en swart bo in die Soutpansberg plaasgevind het. In Zululand was daar tekens van rusteloosheid onder die Zulus. Die grense van beide Transvaal en Natal was in gevaar. Die Vrystaat was kort-kort in gewelddadige botsing met die Basutos. Agter Basutoland was Adam Kok wie met die Basuto-indringers gebots het. Onmiddellik op die Oosgrens van die Kaapkolonie was die nedersettings van duisende Fingoes tussen duisende Galekas en Tamboekies wie geen vriendskaplike betrekkinge met mekaar gehad het nie. In Brits Kaffraria het die naturelle die blankes met 10 : 1 in getalsterkte oortref en boonop het Wodehouse in botsing met 'n weerspannige parlement gekom in 'n tydperk toe die ekonomiese toestand van die land sorgwekkend begin word het. Die imperiale regering het dus met 'n besondere netelinge vraagstuk te doen gehad. In die versoekskrifte van die parlement het die lede nie die reg van ontbinding aan die kant van die imperiale regering bestry nie maar hulle het gemeen dat die verhutting na die Transkei nog 'n proeftyd deurgaan en dit nie voorspel kan word watter wending dit in die toekoms kon aanneem nie. Hulle doen dus 'n ernstige beroep op die imperiale regering om die besluit weer te oorweeg. Toe die Kaap in 1868 nie die verpligting nagekom het nie het die imperiale regering om die volgende redes weer toegegee: "In view of the financial embarrassment of the Cape and the fact that the Legislature does not dispute the legitimacy or the right of the Imperial Government to withdraw the troops the Imperial Government therefore has decided not to withdraw any portion of the garrison on account of nonfulfilment during the year 1868 on the conditions on which the force was to be maintained in its integrity." 1)

Maar in Maart, 1869 het Granville aan Wodehouse

---

1) Government House: Despatch No. 79 — '68.

University of Cape Town

verduidelik " . . . . that Her Majesty's Government are of opinion that no further delay can be permitted in the application to the Cape Colony of those principles which have already been applied in different degrees to the Australian Colonies, Ceylon, Mauritius and Hongkong".[1] Een van die drie regimente moes onmiddellik afgedank word tensy die Kaap inwillig om hulle volgens die uiteengesette voorwaardes te betaal. 'n Tweede regiment sou in 1870 ontbind word as die Kaap weier om daarvoor te betaal terwyl die derde regiment heelwaarskynlik by die Kaap sou aanbly en by Simonsbaai ("as an imperial station") op die rekening van die imperiale regering gehuisves sal word. Verder moet die uiteengesette voorwaardes vir die aanbly van die imperiale troepemagte slegs as tydelik beskou word wat by die einde van 1872 heroorweeg sal word. Die Kaap moet die hele militêre las van alle troepemagte wat vir koloniale doeleindes gebruik word op haar neem.

Wat meer is die troepemagte wie se salarisse uit die imperiale skatkis betaal word "ought to be a body raised for the general service of Her Majesty and not limited either by the conditions of enlistment or by practical necessity to a particular colony."[2] Die Cape Mounted Rifles beantwoord nie aan hierdie vereistes nie en die Kaap moes sorg vir hulle salarisse anders sou die Sekretaris van Staat vir Kolonies die nodige stappe vir die ontbinding daarvan doen.

In die Kaapkolonie was in dieselfde jaar (1869) 'n algemene verkiesing en die aspirant-kandidate het aan die kieserkorps belowe dat hulle teen 'n vermeerdering van die belastingdruk sou stem. In Junie het die parlement byeengekom. Die tekort was £91,306 en toe Wodehouse 'n inkomstebelasting van 3d. in die pond vir alle inkomstes bo £50 voorstel het die wetgewende vergadering dit sonder verdeling verwerp. G'n wonder dat Wodehouse aan Granville laat weet het dat daar nie

---

1) Appendix I, Vol. II to Votes and Proceedings of Parliament: C 1 — '69.

2) Appendix I to Votes and Proceedings of Parliament: C 1 — '69.

University of Cape Town

die minste twyfel bestaan dat die Kaap begerig is om die Cape Mounted Rifles op eie koste aan te hou nie " . . . . and that steps may safely be taken for disbanding it".1)

In dieselfde sessie het Wodehouse nogmaals 'n konstitusionele voorstel ingedien. Die twee Huise moes deur een vervang word en moes uit 'n Voorsitter, drie amptenare en 12 verkose lede, wat vir 'n tydperk van vyf jaar gekies word, bestaan. Die kolonie moes in 12 verkiesingsdistrikte, ses vir die Oostelike en ses vir die Westelike Distrikte, verdeel word en elk moes een verteenwoordiger kies. Die verandering sou 'n besparing van £11,000 meebring. Verder behels sy besuinigingsmaatreëls die staking van toelae aan landbou-verenigings, openbare biblioteke, ens. Sy voorstelle het skipbreuk gely. Mnr. Molteno, die kampvegter vir verantwoordelike bestuur, het voorgestel dat alle salarisse van amptenare, ook die van die goewerneur, verminder moes word. Sy voorstel was aangeneem en toe Wodehouse nuwe belastings voorstel wou die Huis eers weet watter besuinigings hy sou aanbring. 'n Dooie punt was bereik en in Oktober, 1869 het hy die wetgewende vergadering ontbind. Hy het 'n ontwerpkonstitusie gepubliseer waarin hy die vervanging van die twee Huise deur een, wat uit 'n genomineerde voorsitter, vier amptenare en 32 verkose lede moes bestaan, voorgestel het. Elke provinsie moes 16 lede vir 'n tydperk van vyf jaar kies. Die volk moes beslis watter soort van grondwet hulle in die toekoms wou he. In Januarie, 1870 het die parlement bymekaar gekom en in Februarie was die voorstel van Wodehouse vir 'n wysiging van die grondwet deur die wetgewende vergadering verwerp. Die neerlaag was finaal en beslissend. Granville het aan Wodehouse geskryf dat in verband met die Kaapkolonie staan sake so: "die Kaap het verteenwoordigende maar geen verantwoordelike bestuur nie. Onder hierdie stelsel van regering het die uitgawes gedurig die inkomstes oorskry. Die land is in 'n groot skuld gedompel en dit skyn asof dit jaarliks groter word. Al u takt, energie,

---

1) Government House: Despatch No. 35 — '69.

University of Cape Town

bekwaamheid en publieke opienie kon nie die parlement beweeg om die voorstelle wat volgens u oordeel nodig is om hierdie "downward progress" stop te sit, aan te neem nie. Aan die ander kant was u nie bereid 'to accept as fitting or as adequate such measures as are proposed by the Assembly'."[1] Die voorstelle van Wodehouse was telkens verwerp; die bestaande grondwet was onvoldoende en in Oktober, 1870 het Kimberley aan Henry Barkley, die opvolger van Wodehouse, geskryf "dat die kolonieste 'n verstandige stap sou doen om die beginsels van verantwoordelike bestuur wat alreeds in Australië, Noord-Amerika in swang is aan te neem. In elk geval ly dit geen twyfel dat die invoering van verantwoordelike bestuur of die administrasie van die Kaapkolonie as 'n quasi kroonkolonie baie meer verkiesliker is as die huidige stelsel. Die bestaande grondwet wat so 'n "insuperable power of obstruction" in die hande van die parlement stel en nie verantwoordelik vir die beheer van sake is nie, is 'n stelsel wat slegs as 'n tydelike maatreël beskou moet word."[2]

Maar Wodehouse was 'n onvoorwaardelike teenstander van verantwoordelike bestuur. Hy het die invoering van verantwoordelike bestuur in die Kaapkolonie as 'n absolute teenstrydigheid beskou. 'Hoe kan 'n ministerie wat aan sy eie volk verantwoording doen nog aan sy 'paramount power' gehoorsaam wees? Die geskilpunt tussen hulle kan óf ontduik óf uitgestel word . . . . . en verantwoordelike bestuur is slegs op gemeenskappe "fast advancing to fitness for absolute independence" toepaslik. Hy beskou die Kaapkolonie heeltemal ongeskik om onafhanklik te wees. Hy beskou dit onbillik om die groot naturellebevolking onder die onbeteuelde beheer van 'n parlement, wat uit persone saamgestel is wie se belange en gewoontes so hemelsbreed van mekaar verskil, te wil plaas. Hy ag dit as sy dure plig om alles in sy vermoë te doen om so'n verandering te voorkom.'[3]

---

1) Votes and Proceedings of Parliament: A 2 — '70.
2) Votes and Proceedings of Parliament: A 4 — '71.
3) Government House: Despatch No. 7 — '70.

University of Cape Town

Wodehouse het dan ook die koloniste in hulle versoeke aan die imperiale regering, om nie die troepemagte te ontbind nie, ondersteun op voorwaarde dat die imperiale regering nie haar seggingskap oor die binnelandse aangeleenthede prys gee nie. In 1867 het hy die Sekretaris van Staat vir Kolonies verwittig dat indien die Imperiale regering voornemens was "of retaining any serious amount of responsibility for the character of this government and its conduct towards the natives" moes hulle enige vermindering van die goewerneur se mag vermy en troepemagte hier hou . . . . . . Aan die ander kant as hulle ontslae wil raak van daardie verantwoordelikheid en die volk op een of ander wyse dwing om verantwoordelike bestuur in te voer dan moet die hele troepemag ontbind word en die koloniste moet dan ook kennis neem van die feit dat hulle uitsluitend verantwoordelik gehou sal word vir die gevolge van 'n verkeerde beleid teenoor die naturelle.[1)]

In Desember, 1869 het Granville aan Wodehouse verduidelik dat die imperiale troepe nie langer in die kolonie vir koloniale doeleindes aangehou kan word nie. Een regiment moet in verband met die belangrikheid van Simonsbaai (as an imperial station) hier bly en slegs in imperiale doeleindes gebruik word. Die res van die troepe behoort stelselmatig ontbind te word. Die Oostelike Distrikte, die lede van die Wetgewende Vergadering en Raad het in hulle vertoë tot die imperiale regering die gevare van afdanking beklemtoon. Melding word gemaak van die grensdistrikte waar die naturelle die blankes met 10 : 1 in getalsterkte oortref, terwyl onmiddellik op die Noordoosgrens, die Transkei slegs vyf jaar gelede vir 'n deel met krygslustige naturelle, die Tamboekies en Galekas, opgevul is. Pas twee jaar gelede het die Basutos, deur 'n proklamasie van Wodehouse, as Britse onderdane onder die beskerming van Engeland gekom en die verdrag wat as gevolg daarvan met die Oranje-Vrystaat gesluit is, waardeur laasgenoemde in besit van die 'Verowerde Gebied' gekom het is slegs

---

1) Votes and Proceedings of Parliament: C 3 — '69.

'n paar dae gelede geteken. Die vrede en orde in Basutoland is in die tussentyd deur die Berede Grenspoliesie gehandhaaf maar die sukses daarvan word verseker deur die morele ondersteuning van die troepe op die grens. As gevolg van die haglike finansiële toestand van die land kan die mag van die Berede Grenspoliesie nie so uitgebrei word dat die vrede en orde op die grens daardeur verseker sal word nie. "Under all these circumstances we earnestly hope that your Majesty's Government will not withdraw the present garrison and thus deprive us of the immense moral support which its presence on the frontier confers until sufficient time has been allowed to test the success of the two great experiments above referred to and until this Colony shall be in a position to make effectual provision for the protection of the frontier."[1] Ook Wodehouse is die mening toegedaan dat die oorskot troepemagte wat maar 'n geringe mag sal wees na die afdanking van die Cape Mounted Rifles, hier by die Kaap moes aanbly totdat tyd en wyl die koloniste die "growwe flater" begaan om verantwoordelike bestuur in te voer.[2]

Sir Henry Barkly, inteenstelling met sy voorganger, het in sy uiteensetting van Junie 1871 die aandag van Kimberley daarop gevestig dat alhoewel die argumente teen die invoering van verantwoordelike bestuur ongetwyfeld gewigtig is wil dit nog nie sê dat hulle almal gegrond is nie. Die stelsel van partyregering was met groot sukses in Kanada en in die verskillende kolonies van Australië ingevoer en die toestande was in party opsigte inderdaad net so ongunstig as die toestande in Suid-Afrika. Suid-Afrika het wel te kampe met 'n groot naturellebevolking en by die invoering van verantwoordelike bestuur moet met hierdie feit rekening gehou word. So'n toestand van sake vereis 'n buitengewone mate van takt en versigtigheid van enige regering en dit is te verregaande om somar uit die vuis aan te neem dat 'n meerderheidsparty in die

---

1) Govt. House: Enclosure to Despatch No. 33 — '70.
2) Govt. House: Despatch No. 17 — '70.

parlement so ver sal gaan om 'n oorlog met die naturelle doelbewus aan die gang ~~te~~ sal gaan sit. Wat meer is 'n goewerneur onder verantwoordelike bestuur kan nog baie invloed oor die ministers uitoefen veral as hy oor 'n militêre mag, hoe gering ook al, beskik.[1]

Sedert 1865 het die party ten gunste van verantwoordelike bestuur gegroei, maar die wetgewende voorstelle vir die invoering daarvan was nog telkens deur die lede van die Oostelike provinsie met behulp van 'n paar konserwatiewe lede van die Westelike Distrikte verongeluk. In 1871 het 'n meerderheid van die lede in die wetgewende vergadering ten gunste van invoering van verantwoordelike bestuur gestem maar by die tweede lesing in die wetgewende vergadering was die voorstel van Molteno met 12 teen 9 stemme verwerp. " . . . . to have been decided not on consideration of its own merits but on the score of distrust entertained by the inhabitants of the Eastern Province of any measure which leaves them dependent on the latter".[2] Aan die ander kant was daar ook lede, wie se kiesafdelings op die uithoeke van die Oostelike Provinsie geleë was, " . . . . . whilst not denying that Responsible Government is both proper and inevitable desired that it should be forced upon them by Great Britain instead of being voluntarily adopted which, as they consider, will weaken their future claims for military protection".[3]

In die volgende jaar het twee van die lede in die wetgewende raad hulle stemme by die van die nege gevoeg en die gevolg was dat die wetsontwerp vir die invoering van verantwoordelike bestuur met 11 : 10 stemme aangeneem was. Die volk het binne die laaste drie jaar duidelik laat verstaan dat hulle ten gunste van verantwoordelike bestuur was. In die rede van Wodehouse van 18 Oktober, 1869, net voor hy die wetgewende vergadering ontbind het, het hy die volgende vraag gestel: "whether the Colony should be brought under party government or

---

1) Government House: Despatch No. 53 — '71.
2) Government House: Despatch No. 79 — '71.
3) Government House: Despatch No. 65 — '71.

University of Cape Town

whether the Legislature shall be so modified as to afford the Executive Government in its present shape some prospect of obtaining support".[1] Die volk het daardie vraag beantwoord toe die tweede alternatief deur die wetgewende vergadering met 'n meerderheid van agt stemme in Februarie, 1870 verwerp was. Wat meer is die wetgewende vergadering het in 1871 met 'n meerderheid van 7 en in 1872 met 'n meerderheid van 10 stemme ten gunste van partyregering gestem. "It would therefore have been absurd" merk Barkly op "if I had been compelled by refusal of the Legislative Council to concur to send the members composing these steady majorities, thrice repeated, back to their constituents when they had really been voting in accordance with the views which Her Majesty's Government considered most beneficial for both imperial and colonial interests".[2]

Die nuwe grondwet het voorsiening gemaak vir die aanstelling van vyf amptenare deur die goewerneur. Die vyf amptenare was die Koloniale Sekretaris, die Prokureurgeneraal, die Tesourier, die Kommissaris vir die Koninklike Domeine en Openbare Werke en die Sekretaris vir Naturellesake. Hulle was almal vir beide Huise van die parlement verkiesbaar. Die goewerneur het Mnr. Molteno, die kampvegter vir verantwoordelike bestuur, gevra om sy kollegas te benoem. Molteno was die eerste Eerste Minister en saam met sy kollegas het hulle die eerste verantwoordelike kabinet teenoor die volksraad van die Kaapse parlement uitgemaak. Die Kaapkolonie was nou vir eerste keer "mistress of her own fortunes and unfettered ruler of large numbers of Bantu".[3]

Die verantwoordelikheid vir die militêre beskerming het tot 1872 op die skouers van die imperiale regering berus. Ten spyte van dreigemente om die troepemagte te ontbind indien die kolonie nie sy verpligtings nakom nie; ten spyte van waarskuwings dat imperiale troepe nie langer vir koloniale doeleindes gebruik kan word nie en alhoewel Wodehouse gemeen het

---

1) Government House: Despatch No. 64 — '72.
2) Government House: Despatch No. 64 — '72.
3) Brookes: History of Native Policy: p. 98.

dat sodra die Kaap verantwoordelike bestuur verwerf die hele militêre mag onttrek moet word kon die imperiale regering nie oorgaan tot 'n onverskillige afdanking van imperiale troepe nie. Benewens die naturellegevaar moes die imperiale regering ook rekening hou met die feit dat daar geen ander doeltreffende beskermingsmag, behalwe die berede grenspoliesie wat in aantal beperk was, in die kolonie was nie "as the local government having hitherto discouraged than otherwise the arming of the general population or the formation of a volunteer corps from an apprehension that such steps would tend to provoke an outbreak".[1] 'n Onverskillige afdanking van troepe kon dus gewigte beroerings meebring, veral in distrikte geleë op die uithoeke van die Oosgrens " . . . . should it ever be deemed necessary to abandon King Williams Town and embark the troops at East London the Eastern Province would receive a blow from the effects of which it could scarcely recover".[2]

Die imperiale regering het dus gesorg vir die militêre beskerming van die Kaapkolonie tot die verwerfing van verantwoordelike bestuur en na 1872 het sy nog imperiale troepe op eie koste hier gehou wat vir koloniale doeleindes gebruik was. Dit het by voorbeeld gebeur met die Gaika-Galeka-oorlog in die jaar 1877. Waar die imperiale regering dus met beslistheid teenoor die ander Britse kolonies soos Ceylon, Hongkong, Mauritius, Nu-Seeland en die verskillende kolonies in Australië opgetree het, het die Suidafrikaanse toestande haar genoodsaak om daarmee rekening te hou en die gevolg was dat 'n versigtige, weifelende beleid teenoor die Kaapkolonie gevolg was. Die imperiale skatkis moet vrygestel word van die uitgawes wat ten behoewe van die Kaapkolonie uitgegee word maar dit moet op so'n manier geskied dat die Kaapkolonie nie deur die daad opgeoffer word nie.

---

1) Government House: Despatch No. 56 — '71.
2) Government House: Despatch No. 56 — '71.

University of Cape Town

# -:- S L O T S O M. -:-

Die beleid van drie agtereenvolgende goewerneurs was daarop gerig om die mag van die kafferhoofde en hulle vernaamste hoofmanne te breek en hulle invloed oor hulle onderdane te verminder. Hierdie ideaal was verwesenlik deur die aanstelling van blanke magistrate wat die verskillende hoofde en hoofmanne vervang het. Hulle was voortaan gesalariseerdes, of beter gesê gepensioeneerders, en afhanklik van die regering vir hulle toelae. Terselfdertyd was hulle onderdane vrywaar van die willekeurige en onbeteuelde tug en onderdrukking van hulle hoofde. Voortaan sou die naturelle nie meer in die lig van 'n grensprobleem beskou word nie en ons kry 'n definitiewe begin met 'n beskawingsbeleid in weerwil van die feit dat die invoering van privaat besit die ontstamming van die naturel op die lange duur aangewakker het. Vir die beskawing moes die naturel self betaal; dit was van die begin af die doel om die naturellegebied selfonderhoudend te maak. Om 'n beter waarborg vir die bestendiging van die vrede op die grens te verkry is sover moontlik die mees vyandelike stamme van mekaar geskei. Ons kry verder die versterking van die Tembus teenoor die gevaarlike Galekastam terwyl die nedersetting van lojale Fingoes tussen die Galekas in die Transkei en die Gaikas in Brits Kaffraria die gevaar van 'n aggressiewe verbond, volgens die hoop van Wodehouse, aansienlik verminder het. Met die toename in die beskawingspeil van die naturelle kry ons 'n gestadige uitbreiding van koloniale wette oor die naturellebevolking in Brits Kaffraria en 'n verdringing van soms baie belangrike kaffergebruike en -gewoontes. Die mikpunt van daardie tyd was om die naturellebevolking met verdrag onder die koloniale wette te bring.

Hoe anders was die beleid van Shepstone in Natal. Dit was in werklikheid net die teenoorgestelde. Volgens die koninklike instruksies van 1848 was dit bepaal dat ". . . . no

native law or custom previously prevailing was abrogated and that the powers which such laws, customs and usages vested in the chiefs should not be interfered with but that the latter should administer justice as they had been used to do in former times".[1] Presies dieselfde beleid wat sedert 1865 in die Transkei gevolg was. Dus waar in Brits Kaffraria die blanke magistrate koloniale sowel as kafferwette bedien het, was in Natal en in die Transkei uitsluitend naturellewette bedien "except in so far as it was repugnant to the general principles of humanity observed throughout the civilised world".[2] Die uitbreiding van koloniale wette in Brits Kaffraria word as 'n leemte in die administrasie van Brits Kaffraria beskou maar om so'n beleid uit die vuis te veroordeel sonder om die omstandighede van Brits Kaffraria in aanmerking te neem sal onregverdig wees.

Hoewel die posisie van Natal, die Transkei en Brits Kaffraria skynbaar dieselfde was is dit 'n feit dat daar in werklikheid groot verskille tussen hulle bestaan het. Die sterke Galeka- en Gaikastamme het van geslag tot geslag onder verskillende erflike en bekwame leiers hulle heldhaftigheid teenoor die blanke ras getoon. Die Zulus van Natal inteenstelling was oorlewendes van wreedaardige en onverbiddelike opperhoofde en hulle kon dus met erkentlikheid iemand soos Shepstone duld. Hy, Shepstone, was gewild onder die naturelle, was iemand wie vertroud was met die idees, taal en gewoontes van die Zulus. Shepstone, die Sekretaris van Naturellesake van Natal, was in alle opsigte 'n Zulu-opperhoof wie met oorleg regeer het en wel deur sy persoonlike invloed in ooreenstemming met die beginsels van die naturellereg. Die gemeenskap kon daar in plaas van die indiwidu ingestel word en vanselfsprekend kon so'n stelsel met veel meer sukses op 'n groot homogene bevolking toegepas asook gehandhaaf word.

In Brits Kaffraria en op sy onmiddellike grens kry ons

---

1) Government House: Despatch No. 106 — '71.
2) Brookes: History of Native Policy: p.50.

University of Cape Town

hoofde soos Sandilli en veral Kreli wat met 'n gevoel van ontevredenheid teenoor die blanke heerskappy gestaan. Die Galekas en die Tamboekies het, volgens Wodehouse, nog nooit enige simpatie met mekaar gehad nie. Wat meer is ons kry die verspreiding van blanke setlaars tussen die naturelle in Brits Kaffraria en dit sou voorwaar besonder moeilik gewees het om so'n univorme stelsel soos die Natalse of soos die in Transkei in Brits Kaffraria in die praktyk uit te voer. Is dit moontlik om 'n beleid van blanke immigrasie met 'n beleid van erkenning van naturellewette in hulle volheid met mekaar te versoen? M.a.w. ons sou een wet vir die naturel, een vir die blanke in dieselfde gebied moes aantref wat noodsaaklikerwys tot groot verwarring sou gelei het. Die stelsel in Brits Kaffraria was derhalwe tot 'n seker mate die enigste praktiese alternatief.

Aan die ander kant sit daar groot krag in die argumente wat teen die naturellebeleid in Natal en Transkei aangevoer word betreffende die beskawing van die naturel. Die neiging is daar om die naturelle in hulle oorspronklike half barbaarse toestand te hou, en om die verspreiding van kristelike beginsels en die bevordering van die beskawing te strem. Dit ly geen twyfel dat die naturelle onder die invloed van die blanke magistrate en die verskillende sendinggenootskappe veel gouer 'n hoër beskawingspeil kon bereik dan wat die naturellebeleid in die Transkei of Natal beloof het. Ons kan voorbeelde van werklike agteruitgang in hierdie verband aanhaal. Die Fingoes wat so'n hoë peil van beskawing in die kolonie bereik het, het met hulle verskuiwing na die Transkei tydelik teruggeval na die barbaarse gewoontes van hulle voorouers onder die regering van hulle hoofde. In die oorloë met Tjaka het hulle die meerderheid van hulle hoofde verloor en was dus meer ontvanklik vir Europese beskaafde idees dan ander Bantu gemaak. Hulle vatbaarheid vir beskawingsinvloede was vir 'n groot deel bepaal namate die rol wat die verskillende hoofde gespeel het in die administrasie van hulle onderdane. As hulle deur blanke magistrate vervang word dan is 'n groot struikelblok in die

University of Cape Town

weg van naturellebeskawing uit die weg geruim. Tereg maak Charles Brownlee, die Gaika Kommissaris, die volgende opmerking: "Whatever tends to elevate and christianise the natives, whatever tends to diminish the power of the Chiefs, whatever tends to increase the immovable or not really movable property of the natives, tends to diminish the probabilities of war and decrease the magnitude should it arise, so that even as a matter of self interest we should do all in our power to promote these objects".[1)]

Die hoofkenmerk van die naturelle-administrasie van Brits Kaffraria was dat dit 'n uitstekende stelsel was in soverre dit die beskawing van die naturelle aangegaan het. 'n Ander bevredigende kenmerk was die konsentrasie van magte in die hande van die blanke magistrate. Die resident magistraat was ook die siviele kommissaris. Hulle sowel as die spesiale magistrate het elke dag met die naturelle in aanraking gekom, hulle was verantwoordelik vir die invordering van belastings, moes die onderlinge geskille besleg en naturellemisdadigers straf. Enige naturel wat ontevrede was met die uitspraak van 'n spesiale magistraat het die reg van appèl na die resident magistraat van sy afdeling gehad. Hulle was dus in besit van uitvoerende sowel as regterlike bevoegdhede. Die regterlike bevoegdhede was egter verdeeld want die rondgaande hof van die Oostelike Distrikte het periodieke sittings in King Williams Town gehad en het sake uitgewys wat bokant die bevoegdheid van die resident magistraat geval het. So'n instelling met sy prokureurs, en met geen ander magte as net die regterlike, moes onvermydelik vreemd teenoor die opvatting van die naturelle met daardie ontwikkelingspeil gestaan het.

'n Groter gebrek is dat die wetgewende mag in die hande van die Kaapse parlement was. 'n Verwysing na kleur in wetgewing was tot 1872 die uitsondering. Selfs daar waar 'n naturellegewoonte deur wetgewing erken was soos in die geval van die beginsel van gemeenskaplike verantwoordelikheid daar was die

---

1) C. Brownlee: Reminiscences of Kafir Life and History: p..194.

University of Cape Town

toepassing daarvan vir 'n groot deel deur die teenwoordigheid van blankes belemmer. Die resident magistraat in Brits Kaffraria het geen wetgewende mag gehad nie terwyl sy regterlike mag verdeeld was. Hierdie slegte trekke word deur die hedendaagse stelsel in die Transkei uitgeskakel. Die mees bevredigende kenmerk van die hedendaagse stelsel in die Transkei is volgens Brookes die konsentrasie van volle uitvoerende, byna alle regterlike bevoegdhede en tot 'n groot mate wetgewende gesag in die hande van die Hoofmagistraat. de Kiewiet meen dan ook dat alhoewel die grensbewoners so ontevrede was oor die verlies van die vrugbare Transkei in 1864 was die besluit van die imperiale regering " 'n godsend to the natives. In fact Cardwell built better than he knew. The answer to those who attacked both Wodehouse and Cardwell for the dereliction of such desirable land, is given in the latter day contrast between an unhappy Ciskei and a relatively prosperous Transkei".[1]

University of Cape Town

---

1) de Kiewiet: British Colonial Policy and South African Republics: p. 170.

# BIBLIOGRAFIE.


(1) Government House: Despatches to Secretary of State: 1865 - '69: No. 26.

(2) Government House: Despatches to Secretary of State: 1870 - '72: No. 27.

(3) Government House: Despatches from Secretary of State:
1865 : No. 48.
1866 : No. 49.
1867 : No. 50.
1868 : No. 51.
1869 : No. 52.
1870 : No. 53.
1871 : No. 54.
1872 : No. 55.

(4) King Williams Town: Resident Magistrate:
H-O: 1865: No. 2626.
H-N: 1866: No. 2667.
K-O: 1867: No. 2711.
K-M: 1868: No.
K-M: 1869: No. 2808.
G-N: 1870: No. 2861.
K-P: 1871: No. 2913.

(5) King Williams Town: Civil Commissioner:
K-N: 1865: No. 2620.
H-K: 1866: No. 2660.
H-K: 1867: No. 2702.
H-K: 1868: No. 2749.
H-K: 1869: No. 2796.
H-K: 1870: No. 2853.
K-M: 1871: No. 2907.
H-K: 1872: No. 2959.


University of Cape Town

(6) Oos-London: Resident Magistrate: C-G: 1865: No. 2625.
C-G: 1866: No. 2666.
C-F: 1867: No. 2709.
C-F: 1868: No. 2756.
C-F: 1869: No. 2806.
C-F: 1870: No. 2860.
C-H: 1871: No. 2912.
E-K: 1872: No. 2964.

(7) Oos-London: Civil Commissioner: E-G: 1866: No. 2659.
E-G: 1867: No. 2701.
E-G: 1868: No. 2748.
E-F: 1869: No. 2794.
C-G: 1870: No. 2852.
C-F: 1871: No. 2905.

(8) Letter Book: Civil, Country: No. 109.
No. 110.
No. 112.
No. 114.
No. 115.
No. 116.
No. 117.
No. 119.

(9) Graham's Papers.

(10) Papers : Frontier Armed Mounted Police.

(11) Debates: Votes and Proceedings: 1862 - 1863; 1865 - 1872.

(12) Dele van "Report of Commission on Native Laws and Customs: 1883.

(13) E.H. Brookes: History of Native Policy.

G.M. Theal : History of South Africa since 1795: Vol. IV.

C.W. de Kiewiet : British Colonial Policy and the South African Republics.

?.R. Cana : South Africa from the Great Trek to the Union.

C. Brownlee: Reminiscences of Kafir Life and History.

H.P. Steyn : Administrasie van Brits Kaffraria [Unpublished M.A. Thesis - U.C.T.]

University of Cape Town